

## ONTWERP (Oupdateer Maart 2015)

### VAKASSESSERINGSRIGLYNE NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

#### EKSAMENVEREISTES EN RIGLYNDOKUMENT VIR 2014

Hierdie Riglyndokument skets en verduidelik die Independent Examinations Board (IEB) se Nasionale Senior Sertifikaat-uitgangsvereistes vir die Verdere Onderwys en Opleiding- (VOO-) Fase vir Ontwerp.

Hierdie dokument is die IEB se interpretasie van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R – 12 (Januarie 2012) en Kurrikulum- en Asseseringsbeleidverklaring (KABV) wat die basis van hierdie vereistes vorm. Hierdie VAR-dokument moet saam met bogenoemde gelees word.

Skole wat by die IEB geregistreer is, moet hierdie VAR-dokument (2014-weergawe) as die aanvaarde standaardprosedure vir assessering in Ontwerp beskou. Dit vervang alle vorige IEB VAR-dokumente.

In hierdie dokument:

- **AFDELING A: WYSE VAN ASSESSERING** – Oorsig van Assesering en Punttoekennings in Teoretiese en Praktiese werk.
- **AFDELING B: ASSESSERINGSRIGLYNE** – Riglyne vir metodes om die wyse van assessering in verskillende vakkomponente toe te pas.
- **AFDELING C: DEFINISIE VAN ONTWERP**
- **AFDELING D: RIGLYNE – ONTWERPTEORIE** – Gedetailleerde riglyne vir die Teoriekomponente.
- **AFDELING E: RIGLYNE – ONTWERP PRAKTIES** – Gedetailleerde riglyne vir die Praktiese vakkomponente.
- **AFDELING F: RIGLYNE VIR MODERERINGSPROSEDURES**
- **AFDELING G: BYLAE** – Voorbeeldrubrieke, assesseringsinstrumente, dekblaai en modereringsdokumente.

<b>INHOUDSOPGAWE</b>	
<b>A</b>	<b>WYSE VAN ASSESSERING</b>
1	Breë Onderwerpe en tydtoewysing
2	Assessering van Ontwerp in Graad 12
3	Besonderhede van Assessering
4	Tabel van Assessering
5	Gewig van Breë Onderwerpe
<b>B</b>	<b>ASSESSERINGSRIGLYNE</b>
1	Skoolgebaseerde Assessering (SGA)
2	Jaarwerk en Uitstalling
3	Eksamens
<b>C</b>	<b>DEFINISIE VAN ONTWERP</b>
<b>D</b>	<b>RIGLYNE: ONTWERPTEORIE</b>
1	Afdeling A: Ontwerpgeletterdheid
2	Afdeling B: Ontwerp in 'n historiese konteks
3	Opsomming van inhoud – Afdeling B
4	Afdeling C: Ontwerp in 'n kontemporêre konteks
5	Metodologie vir Afdeling C – GTA: Navorsing en Aanbieding
6	Opsomming van inhoud – Afdeling C
<b>E</b>	<b>RIGLYNE: ONTWERP PRAKTIES</b>
1	Ontwerp as Proses
2	Opsommingskaart van die Ontwerpproses
3	Ontwerpproduksie
4	Die Ontwerpwerkboek
5	Voorbeeld: Werkboekprogressie
<b>F</b>	<b>RIGLYNE VIR MODERERINGSPROSEDURES</b>
1	Vakgroepmoderering – SGA
2	Vakgroepmoderering – Jaarwerk en Uitstalling
3	Streek-/Nasionale Portefeuljmoderering
4	Vraestel II: Moderering van Ontwerp Prakties
<b>F</b>	<b>BYLAE</b>
1	Bloom se Taksonomie
2	Voorbeeld: Opstelskryfvaardighede en Rubrieke vir Afdeling B
3	Verwysingstegnieke: Korter Harvard-metode vir navorsingsprojekte
4	Voorbeeldassesseringsinstrumente vir Ontwerp Prakties
5	Ontwerp Vraestel II: Riglyne
6	SGA Individuele Leerderportefeuljedekblad
7	Onderwyserportefeuljedekblad
8	Leerderportefeuljevoldoeningskontrolelys
9	Onderwyserportefeuljevoldoeningskontrolelys
10	Praktiese jaarwerk moderering

## AFDELING A WYSE VAN ASSESSERING

### 1. BREË ONDERWERPE EN TYDTOEWYSING

Breë onderwerpe vervang Leeruitkomste in die KABV-dokument, maar die uitkomste bly in wese onveranderd. Ontwerp gebruik die volgende drie (3) onderwerpe wat elke kwartaal in elke graad herhaal word:

	<b>Breë onderwerpe</b>	<b>Tydsgewig: 4 uur per week</b>
<b>1</b>	<b>Ontwerpproses</b> en faktore wat die proses beïnvloed	30% 15 uur per praktiese taak per kwartaal plus tyd na skool
<b>2</b>	<b>Ontwerpproduksie</b> , tydbestuur en veilige praktyk	30% 15 uur per praktiese taak per kwartaal plus tyd na skool
<b>3</b>	<b>Ontwerpteorie:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwerpgeletterdheid</li> <li>• Geskiedenis van Ontwerp</li> <li>• Ontwerp in 'n kontemporêre konteks</li> </ul>	40% Minimum van een (1) uur per week deur die jaar

### 2. ASSESSERING IN GRAAD 12

2.1	SGA	[100]
2.2	Jaarwerk en Uitstalling	[100]
2.3	Eksterne Eksamenvraestel I: Teorie	[100]
2.4	Eksterne Eksamenvraestel II: Praktiese Eksamen	[100]
2.1	<b>SGA-PORTEFEULJE</b>	[100]
2.1.1	Gemeenskaplike Taak vir Assessering – Navorsingskomponent (30 punte)	
2.1.2	Gemeenskaplike Taak vir Assessering – Aanbiedingskomponent (20 punte)	(50)
2.1.3	Junie se Teorie-eksamen	(10)
2.1.4	Rekordeksamen: Teorie	(20)
2.1.5	Teorietoets 1	(10)
2.1.6	Teorietoets 2	(10)

- 2.2 **JAARWERK EN UITSTALLING** [100]
- 2.2.1 **EEN** Jaarwerkprojek/Produk(te) (30)
- 2.2.2 **EEN** A2-aanbiedingswerk wat met Jaarwerkprojek/Produk(te) verband hou (10)
- 2.2.3 Werkboek wat met Jaarwerk verband hou en die ontwerpproses volledig uiteensit (40)
- 2.2.4 Uitstalling en aanbieding (20)
- 2.3 **SKRIFTELIKE EKSAMEN – ONTWERPTEORIE: VRAESTEL I** [100]
- 2.4 **PRAKTIESE EKSAMEN – ONTWERP PRAKTIES: VRAESTEL II** [100]
- 2.4.1 Ontwerpproduk(te) (50)
- 2.4.2 Werkboek wat die ontwerpproses dokumenteer (50)

<b>400 punte</b>
------------------

## 3. TABEL VAN ASSESSERING IN GRAAD 12

		Komponente	Punte	Besonderhede
25% – 100 punte	SGA	<b>Gemeenskaplike Taak vir Assessering (GTA)</b>	<b>50</b>	Ekstern opgestelde Navorsings- en Aanbiedingstaak gedurende die jaar voltooi wat 'n spesifieke ontwerpkonteks in terme van sosiale, kulturele, omgewings- en besigheidsaspekte ondersoek.  Hierdie konteks vorm die tema vir Vraestel I: Ontwerpteorie en Vraestel II: Ontwerp Prakties.
		<b>Teorietoets 1</b>	<b>10</b>	Gestandaardiseerde toets/opstel
		<b>Teorietoets 2</b>	<b>10</b>	Gestandaardiseerde toets/opstel
		<b>Junie se Teorie-eksamen</b>	<b>10</b>	Gestandaardiseerde Teorie-eksamen
		<b>Rekordeksamen: Teorie</b>	<b>20</b>	Gestandaardiseerde Teorie-eksamen
75% – 300 punte	JAARWERK EN UITSTALLING	<b>Finale Produk(te)</b>	<b>30</b>	EEN Projek/Produk wat vaardighede in die gebruik van materiale, prosesse en tegnologieë weerspieël
		<b>Aanbiedingswerk</b>	<b>10</b>	EEN Aanbiedingswerk ter ondersteuning van Hoofjaarwerkprojek
		<b>Werkboek</b>	<b>40</b>	Werkboek wat die ontwerpproses volledig opteken
		<b>Uitstalling</b>	<b>20</b>	Uitstalling en aanbieding van Jaarwerk
	EINDEKSAMEN	<b>Vraestel I Ontwerpteorie</b>	<b>100</b>	Skriftelike drie-uurvraestel <ul style="list-style-type: none"> <li>Afdeling 1: Ontwerpgeletterdheid Kortvrae (30 punte)</li> <li>Afdeling 2: Ontwerp in historiese konteks EEN opstel (30 punte)</li> <li>Afdeling 3: Ontwerp in kontemporêre konteks TWEE kontekstuele vrae met onderafdelings (40 punte)</li> </ul>
		<b>Vraestel II Ontwerp Prakties</b>	<b>100</b>	Ekstern opgestelde Praktiese Eksamen verbind met die tema van die Gemeenskaplike Taak vir Assessering (GTA) <ul style="list-style-type: none"> <li>Werkboek – proses van konseptualisering, eksperimentering en ontwikkeling (50 punte)</li> <li>Finale Produk(te) en ondersteuningswerke (50 punte)</li> </ul>
			<b>400</b>	

## 4. GEWIG VAN BREË ONDERWERPE

	Breë Onderwerpe	SGA/ EKSAMEN	Assesseringskomponente	Punte /400	Punte	%
<b>ONTWERP PRAKTIËS</b>	Ontwerp-proses en faktore wat die proses beïnvloed	Eksamen Vraestel 3	Jaarwerk: Werkboek	40	90	55%
		Eksamen Vraestel 2	Vraestel II: Eksamenwerkboek	50		
	Ontwerp-produksie, tydbestuur en veilige praktyk	SBA Vraestel 4	GTA Aanbiedingskomponent	20	130	
		Eksamen Vraestel 3	Jaarwerkproduk(te)	30		
			A2-Aanbieding/Ondersteuningswerk	10		
		Eksamen Vraestel 2	Uitstalling	20		
			Vraestel II – Eksamenproduk(te)	50		
<b>ONTWERPTEORIE</b>	Ontwerpteorie	SBA Vraestel 4	GTA: Navorsingskomponent	30	180	45%
			Gestandaardiseerde Toets 1	10		
			Gestandaardiseerde Toets 2	10		
			Junie se Ontwerpteorie-eksamen	10		
			Rekordeksamen: Ontwerpteorie	20		
		EKSAMEN Vraestel 1	Vraestel 1 – Ontwerpteorie-eksamen	100		
<b>Totaal</b>					400	

## AFDELING B ASSESSERINGSRIGLYNE

### 1. SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING (SGA): PORTEFEULJE [100]

Die Skoolgebaseerde Assesseringstake word in 'n Portefeulje saamgevoeg. Die Portefeulje word intern geassesseer, maar word ekstern gemodereer tydens Vakgroepmoderering.

Sekere leerders sal ook gekies word vir Nasionale Portefeuljemoderering. (Sien Bylaag vir modereringsriglyne, protokolle en die IEB se SGA-dekblad wat op elke portefeulje gebruik moet word.)

#### 1.1 GEMEENSKAPLIKE TAAK VIR ASSESSERING (GTA): NAVORSING EN AANBIEDING [50]

Die Gemeenskaplike Taak vir Assessering (GTA) is 'n prosesgeoriënteerde sintese van **navorsingsmetodologie, inhoud en aanbiedingstegnieke** met die doel om teorie met praktiese werk te integreer. Die taak word ekstern opgestel en gedurende die Maart-besending aan skole uitgereik.

Die taak assesseer:

##### 1.1.1 Navorsingsmetodologie

Leerders moet 'n toepaslike navorsingsmetodologie volg, verwysingstegnieke gebruik volgens die Verkorte Harvard-metode opstel.

(Sien Afdeling D vir gedetailleerde riglyne.)

##### 1.1.2 Inhoud

- Die onderwerp van die GTA skets 'n **spesifieke kontekstuele tema** vir die Graad 12-jaar. Die taak skryf sleutelkonsepte en terme binne die tema voor in al vier kontemporêre ontwerpkontekste, dit wil sê sosiaal, kultureel, omgewing en besigheid.
- Leerders kies 'n minimum van **TWEE kontekste** waarin navorsing onderneem moet word.

Vraestel I: Ontwerpteorie integreer die GTA-tema met eksameninhoud.

Vraestel II: Ontwerp Praktiese Eksamen hou met die GTA-tema verband.

(Sien Afdeling D vir gedetailleerde riglyne.)

##### 1.1.3 Aanbiedingstegnieke

Die aanbieding van die Navorsingsprojek is afhanklik van individuele hulpbronne en vaardighede. Die taak kan in enige geskikte formaat aangebied word.

(Sien Afdeling D vir gedetailleerde riglyne.)

### 1.1.1 GEMEENSKAPLIKE TAAK VIR ASSESSERING (GTA): PUNTE-TOEKENNING

	Afdeling	Kriteria	Punte
<b>NAVORSINGSKOMPONENT</b>	<b>Navorsings-metodologie</b>	Raadpleeg 'n groot verskeidenheid bronne van inligting. Gebruik primêre en sekondêre bronne en toepaslike metodes van data-insameling.	5
	<b>Verwysings-tegnieke</b>	Verwys toepaslik na alle bronne van inligting.	5
	<b>Korter Harvard verwysing</b>	Stel 'n verwysings lys op deur die Harvard-metode te gebruik.	10
	<b>Onderwerp 1</b>	Doen navorsing oor sleutelkonsepte, terme en ontwerpers volgens tema in 'n sosiale, kulturele, omgewings- en besigheidskonteks.	20
	<b>Onderwerp 2</b>	Doen navorsing oor sleutelkonsepte, terme en ontwerpers volgens tema in 'n sosiale, kulturele, omgewings- en besigheidskonteks.	20
<b>PRAKTIESE KOMPONENT</b>	<b>Tipografie</b>	Gebruik toepaslike tipe styl, opskrifte, subopskrifte en hoofdeel.	5
	<b>Uitleg</b>	Organiseer en integreer teks en beelde.	10
	<b>Beelde</b>	Gebruik illustrasies, foto's, tekeninge en diagramme.	10
	<b>Benoeming</b>	Benoem beelde korrek.	5
	<b>Finale aanbieding</b>	Algehele aanbieding.	10
<b>Herlei tot finale punt uit 50</b>		100	



## 1.2 **TEORIETOETSE** [20]

Twee gestandaardiseerde teoretiese wat die formaat van die Ontwerpteorie-eindeksamen weerspieël, moet vir die SGA-portefeulje gekies word. Die leerder moet 'n reeks toetse gedurende die jaar skryf en die beste twee kan vir die SGA-portefeulje gebruik word.

Elke toets moet 'n ander afdeling uit die Ontwerpteorie-eksamen verteenwoordig. Hierdie punte moet tot 'n punt uit 20 herlei word.

## 1.3 **JUNIE SE TEORIE-EKSAMEN** [10]

Hierdie Teorie-eksamen moet gebaseer word op die formaat wat vir die eindeksamen uiteengesit word in terme van vraagsteltegnieke, steiering en punttoekenning. Hierdie punt moet tot 'n punt uit 10 herlei word.

## 1.4 **REKORDEKSAMEN: TEORIE** [20]

Hierdie Teorie-eksamen moet gebaseer word op die formaat wat in die eindeksamen uiteengesit word in terme van vraagsteltegnieke, steiering en punttoekenning. Aangesien die rekordksamen later in die jaar is, gee dit 'n beter aanduiding van 'n leerder se potensiaal nader aan die eindeksamen. Hierdie punte moet tot 'n punt uit 20 herlei word.

## 1.5 **MODERERING VAN SGA**

'n Gedetailleerde gids van modereringsprosedures volg in Afdeling F.

## 2. JAARWERK EN UITSTALLING

[100]

Die leerder moet **EEN** omvattende Jaarwerktaak/-projek op 'n uitstalling aanbied, met 'n ondersteunende A2-aanbiedingswerk en 'n gedetailleerde Werkboek. Hierdie komponent moet onttrek word uit die praktiese jaarwerk wat **gedurende die Graad 12-jaar** geproduseer is. Vier afsonderlike punte maak hierdie assessering uit:

- **EEN** Jaarwerkprojek/Produk(te) (30)
- **EEN** A2-aanbiedingswerk wat met Jaarwerk verband hou (10)
- Werkboek wat met Jaarwerk verband hou en die ontwerpproses uiteensit (40)
- Uitstalling en aanbieding (20)

### 2.1 JAARWERKPROJEK/PRODUK(TE)

[30]

- **EEN** finale Projek wat 'n toepaslike vlak van vaardighede in verskillende ontwerpvermoëns demonstreer, moet vertoon/aanbeid/uitgestal word.
- Die Projek kan uit 'n enkele produk of uit 'n aantal komponentprodukte bestaan. Die Projek moet minstens drie maande van gekonsolideerde betrokkenheid weerspieël.
- Daar word nie aanbeveel dat leerders uitkontraktering in die produksieproses gebruik nie. Indien 'n leerder egter om tegniese redes van uitkontraktering gebruik moet maak, **MOET** dit omvattend in die Werkboek opgeteken en weerspieël word, en dit moet volledig onder die leerder se leiding plaasvind.
- Alle digitale tegnieke en prosedures moet in die vorm van geannoteerde skermkiekies gedokumenteer word. Dit sluit video-redigering, 3D modellering, afbeelding en animasie, digitale fotografie en digitale media in.

(Sien Afdeling vir gedetailleerde riglyne.)

### 2.2 AANBIEDINGSWERK

[10]

**EEN** A2-aanbiedingswerk moet die Jaarwerk as 'n verwante ondersteuningswerk vergesel. Die formaat van hierdie werk berus by die leerder en kan byvoorbeeld die volgende wees:

- **Tegniese tekening**  
(ortografies, isometries, aksonometries, uitskuif, grondplan, vertikale aansig, uithaalaansig, snitaansig, drukuitleg, ens.)
- **Aanbiedingswerk**  
(illustrasie, RGO-tekening, stemmingsbord, konsepbord, storiëbord, GPK, animasiereeks, ens.)
- **Bemarkingsproduk**  
(korporatiewe identiteit, verpakkingsontwerp, geskenkpapierontwerp, advertensie, plakkaat, reklamebord, webwerf, aanwysingsbrosjure, vlac, strooibiljette, kaartjies, verkoospuntuitstalling, verskeidenheid handelsmerkprodukte, ens.)
- **Enige ander ondersteuningswerk**

### 2.3 **WERKBOEK** [40]

'n Gedetailleerde A3-werkboek wat met Jaarwerk verband hou, moet aangebied word om die ontwerpproses omvattend te dokumenteer.

### 2.4 **UITSTALLING EN AANBIEDING** [20]

Hierdie punt weerspieël die aanbieding van die leerder se werk. Hoewel sentrums nie verplig is om 'n uitstalling as sodanig te hou nie, moet leerders hul Jaarwerke vertoon/aanbied op watter manier ook al toepaslik is vir die skoolkonteks. Elke leerder moet verantwoordelikheid aanvaar vir die aanbieding van hul eie werk.

Dit kan die vorm van 'n uitstalling, boekie, boks, A2-portefeulje, webwerf, PowerPoint-vertoning of fotoverhaal aanneem. Onderwysers en leerders moet buigsaamheid en kreatiwiteit in hierdie verband uitoefen. Hierdie punte moet tot 'n punt uit 20 herlei word.

### 2.5 **MODERERING VAN JAARWERK EN UITSTALLING**

Moderering van die vakgroep modereringsproses sal deur die praktiseses eksaminatore gefasiliteer word tydens die merk van praktiese eksamens aan die einde van die jaar.

'n Gedetailleerde gids van modereringsprosedures volg in Afdeling F.

### 3. EKSAMENS

#### 3.1 VRAESTEL I: ONTWERPTEORIE

[100]

Die Ontwerpteorie-eksamen vir Graad 12 is 'n skriftelike drie-uurvraestel wat Ontwerpkennis wat deur die teoretiese en praktiese komponent verwerf is, assesseer.

##### 3.1.1 AFDELING A: Ontwerpgeletterdheid Kortvrae (30 punte)

'n Minimum van vier verpligte kortvrae sal gestel word:

Vraag 1: Die Ontwerpproses

Vraag 2: Ontwerpkommunikasie

Vraag 3: Visuele ontleding

Vraag 4: Terminologie

##### 3.1.2 AFDELING B: Ontwerp in 'n historiese konteks Opstelvraag (30 punte)

Hierdie afdeling sal uit **EEN verpligte** opstelvraag bestaan wat betrekking het op ontwerpstyle en -bewegings uit die Graad 12-sillabus vir die geskiedenis van ontwerp. Die vraag sal 'n breë basis hê en van leerders verwag om argumente en diskoers in hul antwoorde te gebruik.

##### 3.1.3 AFDELING C: Ontwerp in 'n kontemporêre konteks TWEË kontekstuele vrae met onderafdelings (40 punte)

Hierdie afdeling fokus op die bespreking en ontleding van ontwerpgevallestudies. Die inhoud sal afgelei word uit die konteks soos uiteengesit in die Gemeenskaplike Taak vir Assessering (GTA).

Vier konteksgebaseerde vrae, elkeen verdeel in korter onderafdelings, sal gestel word. Een vraag sal vir elke konteks, dit wil sê sosiaal, kultureel, omgewing en besigheid, gestel word.

Leerders moet **TWEË** vrae van 20 punte elk beantwoord.

Sien Afdeling D vir gedetailleerde riglyne.

### 3.2 VRAESTEL II: ONTWERP PRAKTIES

[100]

Hierdie praktiese eksamen word deur die IEB opgestel en intern deur die skole geadministreer. Die vraestel sal jaarliks teen die einde van Maart aan skole gestuur word en tematies met die Gemeenskaplike Taak vir Assessering verband hou.

'n Ontwerpskenario sal opgestel word wat 'n probleem/geleentheid inhou binne 'n spesifieke konteks wat met die Gemeenskaplike Taak vir Assessering verband hou. Leerders sal gevra word om hul ontwerpopslossings vir hierdie situasie aan te bied in watter dissipline hulle ook al gespesialiseer het.

Die ontwerpopslossing moet die vorm van 'n finale produk(te) en 'n A3-grootte Werkboek, waarin die ontwerpproses omvattend opgeteken moet word, aanneem.

Die proses en die finale produk dra ewe veel gewig:

- Werkboek – die ondersteunende bewys (50)
- Finale produk(te) (50)

Die finale produk(te) en werkboek moet bewys lewer van toegewyde betrokkenheid oor die eksamentydperk. Gehalte en hoeveelheid ten opsigte van produksie sal in ag geneem word.

Die eksamenprojek moet uitgevoer word onder streng toesig van die skool se Ontwerpdepartement en moet voltooi word op 'n soortgelyke wyse as die ander praktiese take wat gedurende die jaar voltooi word. Die finale produk mag nie die skoolperseel verlaat nie. Uitkontraktering word glad nie toegelaat nie en indien dit bespeur word, sal leerders gepenaliseer word.

Die praktiese eksamen sal gedurende Oktober ekstern deur die Praktiese Eksaminator/Moderator nagesien en gemodereer word.

Sien Afdeling E vir gedetailleerde riglyne.

### 3.3 MODERERING VAN VRAESTEL II: ONTWERP PRAKTIES

'n Gedetailleerde gids van modereringsprosedures volg in Afdeling F.

### 3.2.1 VRAESTEL 2: ASSESSERINGSROOSTER VIR ONTWERP PRAKTIES

	Uitkomste	Vereistes	Gewig %	Punte
Die Werkboek	<b>Die Ontwerpproses</b> <i>Die leerder kan die ontwerpproses van konseptualisering tot realisering verstaan.</i>	Ontwerpidee en Rasionaal	10	50
		Konsep en Ontwikkeling	20	
		Proses en Ondersoek	20	
Die finale produk	<b>Ontwerpproduksie</b> <i>Die leerder kan werk in die gekose dissipline(s) produseer en aanbied wat 'n begrip van ontwerpvaardighede en produksieprosesse toon.</i>	Kreatiwiteit, innovasie en oorspronklikheid	10	50
		Visualiseringsvaardighede, gebruik van formele ontwerp-elemente	10	
		Kompleksiteit van ontwerp-toepassings en -prosesse	10	
		Tegniese vaardighede en afwerking	10	
		Finale aanbieding	10	
	Totaal			100

## AFDELING C      DEFINISIE EN DOEL VAN ONTWERP

*'Ontwerp is die onderliggende matriks van alle lewe.'*

Papanek, Victor. 1985. *Design for the Real World*. Thames and Hudson: London.

Die vak Ontwerp begin die verantwoordelike, etiese, volhoubare en prosesgeformuleerde antwoord/oplossing vir probleme, behoeftes en geleenthede wat in ons voortdurend veranderende wêreld ontstaan.

Die studie van Ontwerp lewer individue op wat in die kreatiewe beroepsvelde kan funksioneer, maar ontwikkel ook vaardighede wat in die velde van handel, bemaking en reklame, ingenieurswese en die beboude omgewing, sosiale wetenskappe en geesteswetenskappe gebruik kan word. Die studie van Ontwerp stimuleer ook die ontwikkeling van oordeelkundige verbruikers met ingeligte waardeoordele en skep verantwoordelike gebruikers van ontwerpte produkte.

Deur Ontwerp word leerders aangemoedig om oorspronklikheid, kreatiwiteit en verbeelding in die uitdink van praktiese en doeltreffende ontwerpoplossings te demonstree, terwyl houdings ontwikkel word wat empatie het met die behoeftes van die mens, selfonderhouding en holistiese probleemoplossing.

Ontwerp integreer teorie en praktyk in 'n holistiese proses om twee- en driedimensionele produkte te produseer wat 'n doel dien in lewensgetroue kontekste.

### 1.      **GEÏNTEGREERDE BENADERING**

- Die praktyk van Ontwerp word gefasiliteer deur 'n **wisselwerking tussen teorie en praktiese** komponente. Die Ontwerpproses is ingebed in Ontwerpproduksie en albei word weer volgehou deur 'n begrip van Ontwerpteorie met 'n ondersoek na en bewustheid van historiese en kontemporêre kontekste.
- Ontwerp gebruik 'n saambindende metodologiese benadering wat alle intelligensiemodusse integreer en leer met effektiewe denke en daade verbind.
- Deur die integrasie van navorsing oor die ontwerpproses word **konstruktiewe denke** bo feitelike onthou vermoë beklemtoon. Kennis ontstaan uit ervaring, wat dit makliker maak om te verstaan, te onthou en toe te pas.

### 2.      **ONTWERP PRAKTIES**

- Ontwerp is 'n werkwoord, 'n doeding. Ontwerp gebruik 'n metodologie wat denke deur die handeling van die Ontwerpproses verander en fisies manifesteer in omgewings, produkte en stelsels.
- Probleemoplossing en laterale denkvaardighede, kreatiwiteit en innovasie word verken en ontwikkel deur probleme wat in 'n ontwerpopdrag vervat is te ondersoek om met 'n lewensvatbare oplossing vorendag te kom.
- Die metodologie van Ontwerp integreer kennis, vaardighede en bewustheid, aangesien analitiese en kreatiewe denkprosesse deur handeling manifesteer in fisiese ontwerpoplossings. Dit word deur 'n verskeidenheid van media en tegnieke oorgedra.
- Ontwerp behels die skep en bestuur van die hele menslike ervaring, van die ontdekking van wat mense regtig nodig het tot die vorming van interaktiewe oplossings daarvoor en uiteindelik die skep van 'n produk.
- Of ontwerpoplossings die vorm aanneem van 'n produk wat beide esteties aantreklik en bruikbaar (soos 'n stoel), 'n stelsel (soos 'n instruksiehandleiding) of 'n omgewing (soos 'n sportstadion) is, Ontwerp bepaal die wisselwerking van mense met ons lewe.

Sien Afdeling E vir gedetailleerde riglyne.

### 3. ONTWERPTEORIE

- Die vak Ontwerp is nie net gemoeid met die produksie van artefakte nie, maar ook met die begrip van die komplekse faktore wat die ontwerpte produk inspireer, omring en daardeur beïnvloed word.
- Die studie van Ontwerp in 'n historiese en kontemporêre konteks verleen 'n begrip van die kulturele, besigheids-, sosiale en omgewingskontekste waarin ontwerpe geproduseer word.
- Ontwerpteorie erken die verwantskap tussen die evolusie van produkte met tyd en ontwikkelinge in idees, materiale, vervaardigingsprosesse en tegnologie sowel as sosiale verandering.

Sien Afdeling D vir gedetailleerde riglyne.

### 4. DIE BREË ONDERWERPE

Die ontwerpcurriculum word in drie Breë Onderwerpe gestruktureer. Dit vorm 'n samehangende geheel wat interafhanklik en holisties in 'n projekgebaseerde formaat onderrig moet word.

- **Die Ontwerpproses en faktore wat die proses beïnvloed**  
Ontwerp is 'n dissipline van denke wat betrek word deur die interaktiewe, nielineêre, multidissiplinêre en prosesgeoriënteerde metodologie van die **Ontwerpproses**. Deur die gebruik van hierdie holistiese, integrerende metodologie in 'n projekgebaseerde benadering word Ontwerp onderrig as 'n proaktiewe reaksie op probleme, behoeftes en geleenthede en die skep van gevolge en oplossings, in plaas van bloot artefakte of produkte. 'n Werkboek verskaf 'n gedetailleerde rekord van die proses.
- **Ontwerpproduksie, tydbestuur en veilige praktyk**  
Ontwerpproduksie behels die skep van ontwerpopslossings wat nie noodwendig artefakte is nie. Multidissiplinêre vaardighede oor verskeie kommunikasiemedie stel leerders in staat om 'n ontwerpopslossing oor te dra wat die vorm van 'n dokument, tekening, model, prototipe, digitale of verbale aanbieding (onder ander kommunikasiehoopmiddels) kan aanneem.
- **Ontwerpteorie**  
Die Ontwerpproses en Ontwerpproduksie word geïnspireer deur 'n verkenning van Ontwerp in konteks, histories en kontemporêr, aangesien leerders ekonomiese, omgewings-, kulturele en sosiale aspekte wat met ontwerp verband hou, ondersoek.



## AFDELING D RIGLYNE VIR ONTWERPTEORIE

Die vier praktiese dissiplines soos uiteengesit in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidverklaring (KABV) deel 'n gemeenskaplike basiskennis van Ontwerpgeletterdheid, Ontwerpgeskiedenis en Ontwerp in 'n Kontemporêre Konteks.

Hierdie drie gebiede vorm die basis van die Vraestel I Ontwerpteorie-eksamen wat in drie afdelings gestruktureer word:

- Afdeling A: Ontwerpgeletterdheid [30]
- Afdeling B: Ontwerpgeskiedenis [30]
- Afdeling C: Ontwerp in 'n Kontemporêre Konteks [40]

Ideaal gesien, moet die Teoriekomponent van die Ontwerpkurrikulum as deel van 'n geïntegreerde benadering bestudeer word met die praktiese ontwerpkomponente wat die begrip en relevansie van die studie maksimeer.

Die voorgestelde tydtoewysing vir Ontwerpteorie is **een uur/week, ongeveer 30 uur** deur die jaar. Hierdie voorgeskrewe en beperkte tydraamwerk mag die diepte en kompleksiteit van studie wat moontlik is beperk, en sal dus verlang dat ekstra tyd buiten klas tyd spandeer word. Onderwysers moet dit in gedagte hou, veral wanneer leerders vir Afdeling B: Ontwerpgeskiedenis voorberei word.

Daar word aanbeveel dat eksamens in Graad 10 die formaat van die finale Graad 12-vraestel begin volg, sodat leerders gewoon raak aan die uitleg van die eindeksamens.

### 1. VRAESTEL 1: ONTWERPTEORIE – AFDELING A: ONTWERP-GELETTERDHEID

- Die oorkoepelende doel van die ontwerpkursus is om ontwerpgeletterde leerders op te lewer. Nie net leerders wat effektiewe ontwerpoplossings kan **skep** nie, maar ook leerders wat die **gehalte en doeltreffendheid** van ontwerpe kan **onderskei** en kritiese verbruikers en verantwoordelike gebruikers word wat kan kontekstualiseer en ontwerpprosesse en -produkte kan bespreek.
- Leerders moet aangemoedig word om ontwerpte produkte as inspirasie vir praktiese projekte te bespreek, te ontleed en te vergelyk. Elke praktiese projek moet visuele voorbeelde ondersoek deur die elemente en beginsels tydens die ideevormingsfase vir 'n projekopdrag en tydens die navorsingsfasies van die ontwerpproses te gebruik.
- Leerders moet visuele ontledingsvaardighede beoefen in die produksie en evaluering van hul eie ontwerpe deur toepaslike terminologie en relevante kommunikasietegnieke te gebruik.
- Ontwerpgeletterde leerders kan nieverbale (visuele of simboliese) taal interpreteer en gebruik as middel om idees oor te dra, vars konsepte te ondersoek en 'n nuwe begrip te skep van ontwerpe en hoe hulle in wisselwerking kan tree met en betrokke kan raak by die wêreld.
- Ontwerpgeletterdhedskennis en -begrip is implisiet in die ander afdelings van die Teorievraestel, Afdeling B: Ontwerpgeskiedenis en Afdeling C: Ontwerp in 'n kontemporêre konteks.
- 'n Aantal toetse moet gedurende die jaar oor hierdie afdeling geskryf word om leerders vir die eindeksamens voor te berei. Waar visuele ontleding gevra word, moet kleurvoorbeelde verskaf word.

- Hierdie afdeling in die Ontwerpteorie-eksamen sal van leerders verwag om ontwerp-kennis en -vaardigheid in vier afdelings, elk met moontlike kleiner vrae, te verstaan en toe te pas:

Vraag 1: Die Ontwerpproses

Vraag 2: Ontwerpkommunikasie

Vraag 3: Visuele ontleding

Vraag 4: Terminologie

### **VRAAG 1: Die Ontwerpproses en kreatiewe strategieë**

- Hierdie vraag assesseer die toepassing en begrip van die ontwerpproses in al sy onderskeie modelle. Basiese lineêre en sikliese modelle moet tydens die ontwerpproses ondersoek word – oefening moet teorie word.
- Leerders moet 'n begrip hê van kreatiewe denke en probleemoplossingstrategieë wat in die ontwerpproses gebruik word.
- Leerders moet ook begrip van ontwerpstrategieë verwerf deur die skep van hul eie ontwerpe.

### **VRAAG 2: Ontwerpkommunikasie**

- In hierdie vraag sal leerders besin oor bekende en onbekende ontwerpe en 'n begrip van visualisering en kommunikasietegnieke demonstreer.
- Leerders sal konvensies wat in visuele voorstelling gebruik is, identifiseer en simboliese taal wat in ontwerp gebruik is, interpreteer.

### **VRAAG 3: Visuele ontleding**

- Hierdie vraag behels assessering van die begrip van die **visuele taal** van beide twee- en driedimensionele produkte deur die elemente (lyn, toon, vorm, kleur, tekstuur, ruimte) en die organiseringsbeginsels van ontwerp (eenheid, harmonie, ritme, verhouding, balans, beklemtoning, kontras, gradasie en beweging) te gebruik.
- Die Universele en Gestalt-beginsels moet ook verstaan word. Leerders moet leer om die praktiese toepassing van hierdie konsepte in verskillende ontwerp-vorme te 'lees' en te verstaan.

### **VRAAG 4: Terminologie en ontwerp-jargon**

- In hierdie vraag sal leerders terminologie wat in ontwerp gebruik word, verduidelik en identifiseer.
- Die woordeskat en terminologie van ontwerp in sy verskillende vorme is deurslaggewend vir die leerders se begrip en praktiese toepassing van idees deur die jaar.
- Namate leerders deur verskillende praktiese take werk, moet terminologie en 'ontwerp-jargon' wat met hul ontwerp-praktyk verband hou, met inbegrip van tegnieke, media, kreatiewe strategieë en kommunikasiekonvensies, ontwikkel word.

**ONTWERPGELETTERDHEID: VOORGESTELDE BENADERING EN LESTYE**

<b>GRAAD 10</b>	<b>GRAAD 11</b>	<b>GRAAD 12</b>
<p>Definisie van Ontwerp 4 hoofkategorieë van ontwerp deur kontemporêre nasionale en internasionale gevallestudies te gebruik</p> <p>(2 uur)</p>	<p>Die gebruik van materiale en produksieprosesse in hoofkategorieë van ontwerp deur kontemporêre nasionale en internasionale gevallestudies</p> <p>(2 uur)</p>	<p>Vorm en funksie in die hoofkategorieë van ontwerp deur kontemporêre nasionale en internasionale gevallestudies te gebruik</p> <p>(2 uur)</p>
<p>Die Ontwerpproses – lineêre en sikliese modelle</p> <p>(1 uur)</p>	<p>Die Ontwerpproses – ander modelle en strategieë</p> <p>(1 uur)</p>	<p>Die Ontwerpproses Hersiening van Graad 10 en 11</p> <p>(1 uur)</p>
<p>Navorsingsvaardighede – data-insamelingsmetodes</p> <p>(1 uur)</p>	<p>Navorsingsvaardighede – verwysingsvaardighede (Verkorte Harvard-metode)</p> <p>(1 uur)</p>	<p>Navorsingsvaardighede Hersiening van Graad 10 en 11</p> <p>(1 uur)</p>
<p>Simboliese taal – tekens, simbole piktogramme, ideogramme, tipografie</p> <p>(1 uur)</p>	<p>Simboliese taal in populêre kultuur (bv. mode, musiek en sosiale omgewings)</p> <p>(1 uur)</p>	<p>Simboliese taal in konteks. Basiese terminologie uiteengesit in Gemeenskaplike Taak vir Assessering</p> <p>(1 uur)</p>
<p>Elemente en beginsels van ontwerp Ontleding van bekende en onbekende voorbeelde</p> <p>(1 uur)</p>	<p>Elemente en beginsels van ontwerp Universele beginsels van ontwerp Gestalt-teorie Ontleding van bekende en onbekende voorbeelde</p> <p>(1 uur)</p>	<p>Elemente en beginsels van ontwerp Universele beginsels van ontwerp Gestalt-teorie Ontleding van bekende en onbekende voorbeelde Hersiening van Graad 10 en 11</p> <p>(1 uur)</p>

## 2. VRAESTEL 1: ONTWERPTEORIE – AFDELING B: ONTWERP-GESKIEDENIS

Ontwerp in 'n historiese konteks fokus op die ondersoek van die ontwikkeling van ontwerpde produkte deur die geskiedenis en begrip van hoe omringende kontekstuele invloede ontwerpproduksie beïnvloed het.

Die doel van die bestudering van Ontwerpgeskiedenis is om 'n breë kennis van ontwerp te hê om:

- die leerder se eie ontwerpproduksie te inspireer
- te identifiseer hoe ontwerp historiese gebeurtenisse en tendense weerspieël
- te verstaan hoe ontwerp voortgaan om lewenstyl in moderne tye te definieer en te inspireer.

Daar moet beklemtoon word dat hierdie komponent die leerder se begrip van **ontwerpgeskiedenis**, en NIE geskiedenis nie, eksamineer. Hierdie onderskeid moet duidelik gemaak word. Leerders moet aangemoedig word om die geskiedenis van die tydperk deur die **ontleding van ontwerpde produkte**, stelsels en omgewings te interpreteer. Die fokus moet primêr op 'n ondersoek van die ontwerp self geplaas word en nie primêr op die kontekstuele geskiedenis nie.

Die akademiese studie van Ontwerpgeskiedenis is nie sonder knelpunte nie. Die ontwikkeling en evolusie van ontwerpstyle/-bewegings is 'n komplekse proses en dikwels reaktief van aard. Pogings tot chronologiese ordening wemel van teenstrydighede, aangesien baie style verskeie dekades oorvleuel en gelyktydig voorkom. Gevolglik is daar baie teenstrydige kategoriserings van bewegings, stilistiese kenmerke en ontwerpers in die beskikbare literatuur.

Sonder om die kompleksiteit van Ontwerpgeskiedenis te ontken, is dit noodsaaklik vir die voorbereiding van leerders vir hierdie afdeling van die Ontwerpteorie-vraestel dat breë kategoriserings gemaak word om die diepte van fokus en vlak van kompleksiteit in toom te hou.

Hiervoor is spesifieke stilistiese tydperke, bewegings, skole en ontwerpers in breë **kontekstuele eras** gegroepeer wat soortgelyke temas of kenmerke toon. Daar kan wel baie meer subgroepe en meer komplekse stilistiese definisies wees, maar dit val buite die bestek van die Graad 12-assesseringsvlak en moet in 'n tersiêre omgewing voortgesit word.

In Graad 10 en 11 word **DRIE** hooferas elke jaar gedek. In Graad 12 is daar **TWEE** hooferas. Opstelvrae moet gestel word oor die breër tendense wat gedurende hierdie spesifieke eras voorkom om leerders in staat te stel om hierdie tendense na te speur in spesifieke bekende ontwerpers wat betrekking het op hul praktiese spesialisering.

In die opstel moet leerders 'n spesifieke vraag beantwoord en 'n beredeneerde argument gee en diskoers in hul antwoorde gebruik met verwysing na toepaslike ontwerpe en ontwerpers.

Vergelyking van en verbande tussen die bewegings sal die fokus op die *dekodering* van die vraag en die *evaluering* en *sintese* van relevante data plaas om 'n antwoord te formuleer.

Antwoorde vir opstelvrae moet 'n bespreking bevat van **werklike ontwerpe** wat deur **spesifieke ontwerpers** geproduseer is en moenie bloot op die historiese faktore rondom die produkte steun nie.

In Graad 12 sal die Ontwerpgeskiedenisafdeling die vorm van **EEN verpligte opstel**vraag aanneem en 'n antwoord vereis in die vorm van 'n formeel gestruktureerde opstel. Die opstelvraag sal breedweg gebaseer word op die era wat in die kurrikulum uiteengesit word en leerders toelaat om te antwoord deur hul gekose ontwerpers te gebruik.

Vrae in Afdeling B sal gemik wees op hoër kognitiewe vlakke maar leerders sal ook punte kan verwerf vir feitelike bewys wat laer kognitiewe vaardighede weerspieël. Die omvang van die opstelle sal die leerder in staat stel om te werk op alle kognitiewe vlakke soos beskryf in Bloom se taksonomie (sien Bylaag 1).

### 3. OORSIG: HISTORIESE ERAS GRAAD 10 – 12 (voorgestelde tydtoewysing in UUR)

	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Kontekstuele era 1	Historiese tydlyn van prehistoriese tydperk tot 1850: Algemene oorsig van omgewings-, produk-, kommunikasie- en oppervlak-ontwerp.  (4 uur)	Russiese Konstruktivisme De Stijl Deutscher Werkbund, Bauhaus  (3 uur)	Pop-luxe en Google Teenontwerp Hoë Tegnologie  (6 uur)
Kontekstuele era 2	Impak van die Industriële Revolusie en ontstaan van die Handwerkbeweging  (2 uur)	Modernisme Art Deco Streamline Moderne  (4 uur)	Memphis Postmodernisme Dekonstruktivisme  (6 uur)
Kontekstuele era 3	Art Nouveau en Afskeidingsbewegings (Jugendstijl, Glasgow-skool, Vienna Secession en Wiener Werkstatte)  (3 uur)	Skandinawiese ontwerp Internasionale style Organiese ontwerp  (4 uur)	

'n Lys van bekende ontwerpers word voorgestel vir elke beweging in 'n era, maar dit is nie voorskriftelik nie. Baie ontwerpers het ook in meer as een beweging gewerk. Onderwysers kan ontwerpers vir elke era kies na gelang van die praktiese spesialisering van hul leerders. Om egter vir die leerder die beste geleentheid te gee om 'n billike punt in die eksamen te behaal, word beslis voorgestel dat die ontwerpers baie bekend is en hul werk goed gedokumenteer is.

Hoewel 'n aantal ontwerpers gebruik kan word om elke beweging breedweg te verstaan, kan leerders fokus op **DRIE ontwerpers** uit **elke kontekstuele era**. Minstens **DRIE** van die ontwerper se werke moet volledig bespreek en die ontwerper se mikpunte en algemene stilistiese kenmerke gedefinieer word.

## 3.1 ONTWERPGESKIEDENIS: OPSOMMING VAN INHOUD

## VOORGESTELDE ONTWERPERS, BENADERING VAN SILLABUS EN TYDTOELATINGS

GRAAD 10				
	TEMAS	BEWEGINGS	ONTWERPERS	Voorgestelde lestyd in uur
Kontekstuele era 1	<b>Identifikasie van hoof-kategorieë van Ontwerp</b>  <i>Hoe Ontwerp tot voordeel van die samelewing en/of die omgewing gebruik word</i>	<b>Oorsig van tematiese tydlyn met bekendstelling van Omgewingsontwerp: voorgeskiedenis tot 1850</b>	'n Seleksie van 10 – 15 voorbeelde, soos: Stonehenge, Egiptiese piramides, klassieke Griekse tempel, Romeinse amfiteater, Romanesque, Goties, Renaissance, Barok, Rococo, neoklassieke Crystal Palace	4
		<b>Oorsig van tematiese tydlyn met bekendstelling van Produkontwerp: voorgeskiedenis tot 1850</b>	'n Seleksie van 10 – 15 voorbeelde, soos: keramiek, meubels, produk, juweliersware, modeontwerp (Minoïese erdewerk, klassieke Griekse keramiek, Wedgewood, Amerikaanse Shaker-meubels, tafeware, vervoer ...)	
		<b>Oorsig van tematiese tydlyn met bekendstelling van Kommunikasie-ontwerp: voorgeskiedenis tot 1850</b>	'n Seleksie van 10 – 15 voorbeelde, soos: Rotskuns, Chinese piktogramme, hiërogliewe, Griekse alfabet, heraldiek, godsdienstige simbole, logo's, tekens, met inbegrip van 'n kort geskiedenis van verskillende tekenmedia en -tegnieke, anatomie van tipografie	
		<b>Oorsig van tematiese tydlyn met bekendstelling van Oppervlakontwerp: voorgeskiedenis tot 1850</b>	'n Seleksie van 10 – 15 voorbeelde, soos: Pompeji-fresko, Romeinse mosaïek, weefwerk, muurskilderwerk, tapisserie, teëls, borduurwerk, tekstiele, muurpapier ...)	
Kontekstuele era 2	<b>Impak van die Industriële Revolusie en ideologiese reaksie</b>  <i>Great Exhibition 1851</i>	<b>Handwerkbeweging</b>	Michel Thonet Christopher Dresser William Morris Charles Voysey Walter Crane Phillip Webb Charles Ashbee A.H. Macmurdo Gustav Stickley Frank Lloyd Wright – Prairie-styl	2

<b>Kontekstuele era 3</b>	<b>Die Dekoratiwew Styl</b>  <i>1900 Paris Exposition Universelle</i>	<b>Art Nouveau</b>	Hector Guimard Rene Lalique Aubrey Beardsley Henry van der Velde Antonio Gaudi Emile Galle Louis Comfort Tiffany Alphonse Mucha Victor Horta	3
		<b>Afskeidingsbewegings (Glasgow-skool, Vienna Secession, Wiener Werkstatte)</b>	Charles Rennie Mackintosh Otto Wagner Josef Hoffmann Gustav Klimt Koloman Moser Josef Maria Olbrich	

VOORBEELDPROGRESSIE: ONTWERPGESKIEDENIS GRAAD 11				
	TEMAS	BEWEGINGS	ONTWERPERS	Voorgestelde lestyd in uur
Kontekstuele era 1	<b>Ontwerp vir bedryf</b>  <i>Ontwerp en propaganda</i>  <i>Utopiese idealisme</i>	<b>Russiese Konstruktivisme en Supermatisme</b>	El Lizzitsky Vavara Stepanova Vladimir Tatlin Alexander Rodchenko	3
		<b>De Stijl</b>	J.P. Oud Gerrit Rietveld Theo van Doesburg	
		<b>Deutscher Werkbund</b>	Peter Behrens Bruno Paul Bruno Taut	
		<b>Die Bauhaus</b>	Walter Gropius Marcel Breuer Marianne Brandt Herbert Bayer Wilhelm Wagenfeld	
Kontekstuele era 2	<b>Estetika van die masjien</b>  <i>1925 Exposition Les Arts Decoratif et Industriels Moderne</i>  <i>1939 New York World's Fair</i>	<b>Vroeë Modernisme</b>	Le Corbusier Frank Lloyd Wright Mies van der Rohe Paul Rand Christian Dior Alvaar Alto	4
		<b>Art Deco</b>	William van Allen Eileen Gray Clarice Cliff Jacques-Emile Ruhlmann Paul Poiret Edgar Brandt Coco Chanel A.M. Cassandre Rene Lalique Demetre Chiparus	
		<b>Streamline Moderne</b>	Raymond Loewy Buckminster-Fuller Henry Dreyfuss Norman Bel Geddes Walter Dorwin Teague	
Kontekstuele era 3	Goeie ontwerp	<b>Internasionale styl</b>	Mies van der Rohe George Nelson Ernest Race Mario Bellini Piero Fornasetti Le Corbusier Wells Coates Achille Castiglioni	4
		<b>Skandinawies Modern</b>	Gunnar Asplund Poul Henningsen Arne Jacobsen	
		<b>Organiese ontwerp</b>	Isamu Noguchi Carlo Mollino Ray en Charles Eames	



VOORBEELDPROGRESSIE: ONTWERPGESKIEDENIS GRAAD 12				
	TEMAS	BEWEGINGS	ONTWERPERS	Voorgestelde lestyd in uur
<b>Kontekstuele era 1</b>	<b>Ontwerp en populêre kultuur</b>	<b>Pop-Luxe en Googie</b>	Mary Quant Peter Murdoch Verner Panton Joe Columbo Milton Glaser Olivier Morgue Saul Bass Wes Wilson Victor Moscoso James Langenheim Eero Saarinen Archigram Gaetano Pesce Eero Saarinen Vico Magistretti Eero Arnio	<b>6</b>
	<i>Invloed van die ruimte-eeu</i>			
	<i>Ontwikkeling van die Visuele Estetiek</i>			
	<i>Ontwikkeling van materiale</i>			
	<i>Tegnologie en ontwerp</i>			
	<i>Ontwerpe en mense: Reflektering van gemeenskaps waardes/ die Rebelse houding</i>	<b>Teenontwerp</b>	Archizoom Superstudio UFO Gruppo strum 9999 Global Tools Studio 65 Studio alchymia Vivienne Westwood en Punk	
		<b>Hoë Tegnologie</b>	Chadwick en Stumpf James Dyson Richard Rodgers Dieter Rams Renzo Piano Norman Foster Richard Sapper	

<b>Kontekstuele era 2</b>	<b>Postmodernisme</b> <i>Eklektisisme en Pluralisme</i>	<b>Memphis</b>	Ettore Sottsass Martine Bedin Michelle de Luchi George Sowden Natalie du Pasquier	<b>6</b>
	<i>Opkoms van kulturele identiteit</i>  <i>Ontwerper as superster</i>  <i>Ontwerp en lewenstyl</i>  <i>Ontwerp en die digitale era</i>	<b>Postmodernisme</b>	April Greiman Neville Brody Tibor Kalman Charles Moore Charles Jenks Michael Graves Phillip Johnson Robert Venturi Stefano Giovannoni Philippe Starck Jonathan Ive Tom Dixon Ron Arad Ross Lovegrove Alexander McQueen Marc Newson	
		<b>Dekonstruktivisme</b>	Frank Gehry Bernard Tschumi Daniel Libeskind David Carson Rem Koolhaas Santiago Calatrava Zaha Hadid	

## RIGLYNE VIR DIE SKRYF VAN OPSTELLE

As algemene reël moet alle opstelvrae in 'n inleiding, hoofdeel en 'n gevolgtrekking gestruktureer word.

- Die inleiding moet die konteks verskaf en die kwessies wat in die vraag gevra word, direk antwoord/aanspreek. Leerders moet ook die vrae noukeurig kan lees en interpreteer, en die spesifieke vraag direk beantwoord. Baie opstelantwoorde is te vaag in hul bedoeling. Leerders kan nie bloot 'n geoefende opstel oor 'n beweging skryf nie. Inligting wat indirek verband hou maar irrelevant is vir die werklike vraag, sal geen punte ontvang nie.
- Die hoofdeel van die teks moet weer eens direk na die spesifieke vraag verwys deur toepaslike voorbeelde van ontwerpers en hul werke te gebruik om die antwoord te motiveer. Die argument/diskoers moet logies vloei en moet in volledige, logiese sinne geskryf word met geen puntsgewyse lysste van feite of opskrifte nie, tensy die vraag spesifiek daarvoor vra. Die name van ontwerpers en ontwerpe moet onderstreep word.
- Die gebruik van korrekte ontwerpsterme, -taal en verwysings sal 'n aanduiding wees van die gehalte van die antwoorde. Geen punte sal toegeken word vir ongemotiveerde of ongevraagde waardeoordele nie.
- Die opstel moet 'n toepaslike en relevante gevolgtrekking hê wat met die bepaalde eksamenvraag skakel.
- Die name van beide ontwerpprodukte en hul ontwerpers moet korrek geïdentifiseer word. Name van ontwerpers en ontwerpe moet onderstreep word.

In 'n opstel moet leerders die noem van ontwerpe en ontwerpers tot 'n maksimum van 3 ontwerpers/3 werke elk beperk om lysste te voorkom. Indien ander werke in detail bespreek word, moet punte toegeken word vir die relevansie van die bespreking.

Omdat die skryf van opstelle 'n vaardigheid is wat geoefen moet word, word aanbeveel dat opstelonderwerpe gereeld in die loop van die jaar aan leerders gestel word om hulle te help om vir die eksamen voor te berei. Die aanmoediging van goeie handskrifvaardighede is ook regtig belangrik, aangesien handskrif wat moeilik is om te lees die leerders se uitslae ernstig in gevaar stel.

#### 4. VRAESTEL 1: ONTWERPTEORIE – AFDELING C: ONTWERP IN 'N KONTEMPORÊRE KONTEKS

Die fokus van hierdie afdeling in Ontwerpteorie is om die begrip en toepassing van ontwerpbeginsels en -oorwegings in kontemporêre situasies te bevorder deur gevallestudies wat die verskillende kontekste van ontwerp ondersoek.

Die hoofdoelwit is om 'n waardering te ontwikkel vir die rol van die ontwerper in 'n breë sin binne die samelewing en 'n begrip te bevorder van die kritieke rol wat Ontwerp speel in die lewe wat ons leef.

Deur hierdie komponent sal leerders verstaan dat ontwerp nie as geïsoleerd en onafhanklik van die kontekstuele omgewing beskou kan word nie en bewus word van die interaksie van funksionele, estetiese en etiese faktore in ontwerpbesluitneming.

Hoewel die beskikbare navorsingsgebiede in hierdie afdeling baie breed is, kan 'n kern van riglyninhoud gedefinieer word deur spesifiek na die KABV te verwys.

Na aanleiding van die KABV kan die volgende onderwerpe gebruik word om begrip van ontwerp in elkeen van die ontwerpkontekste te struktureer:

- Ontwerp in 'n sosiale konteks – ontwerp en mense/die samelewing as geheel
- Ontwerp in 'n kulturele konteks – ontwerp en groepe mense/identiteite
- Ontwerp in 'n besigheidskonteks – ontwerp en die besigheidsomgewing
- Ontwerp in 'n omgewingskonteks – ontwerp en die natuurlike omgewing

'n Ondersoek van hierdie kontekste sal kritiese besinning oor uiteenlopende ontwerpkwessies wat nou met menseregte, sosiale geregtigheid, omgewingsvolhoubaarheid, ekonomiese lewensvatbaarheid en die sosiale en etiese verantwoordelikheid van die ontwerper geassosieer word, bevorder.

Die vrae in hierdie afdeling van die eksamen sal oop wees en fokus op die ontleding van gevallestudies wat 'n begrip van breër ontwerpvoorwegings ondersoek.

Hierdie inhoud is **nie voorskriftelik** nie, maar moet gedefinieer word deur 'n leerder se eie praktiese betrokkenheid in die vorm van inspirasie en gevallestudies wat tydens die ontwerpproses gebruik word.

Vrae sal leerders toelaat om antwoorde te genereer wat uit hul eie praktiese en navorsingservaring geput word terwyl hulle die toepassing en praktyk van ontwerpbeginsels, woordeskat en terminologie demonstreer.

Daar moet beklemtoon word dat die fokus nie op begrip van generiese kernkennis van die konteks self nie, maar op ontleding en interpretasie van ontwerpgevallestudies binne die konteks geplaas moet word. Antwoorde in hierdie afdeling moet gemotiveer word deur bespreking en ontleding van werklike ontwerpte produkte en nie net die breë kontekstuele invloede nie.

In die klaskamer moet voorbereiding vir hierdie afdeling van Ontwerpteorie gebaseer word op die ontleding en bespreking van gevallestudies, beide bekend en onbekend. 'n Ontleding van ontwerpvoorwegings tydens ideevorming, keuse van materiale, afwerkings en gebruikdoeltreffendheid moet kwessies onder bespreking wees. Weer eens moet die fokus wees op die bespreking van spesifieke ontwerpe en nie net op die breër algemene konteks nie.

Daar word voorgestel dat oor die drie jaar van VOO, Graad 10 – 12, algemene onderwerpgebiede as 'n navorsingskomponent van die Prakties gestel moet word. In Graad 12 sal die Gemeenskaplike Taak vir Assessering (GTA) die tema vir die jaar stel en die fokus vernou.

## 5. **METODOLOGIE VIR AFDELING C – DIE GEMEENSKAPLIKE TAAK VIR ASSESSERING (GTA)**

Die doel van die Gemeenskaplike Taak vir Assessering (GTA) is om 'n katalisator te wees vir beide ontwerpteoriebegrip en praktiese werk.

Alhoewel Afdeling C formeel onderrig kan word, word aanbeveel dat die inhoud vir hierdie afdeling met die praktiese projekte geïntegreer word in die vorm van 'n Navorsings- en Aanbiedingstaak in die praktiese Werkboeke.

Die stukrag om ontwerpe te skep spruit uit 'n reaksie op probleme, behoeftes of geleenthede in ons alledaagse wêreld. Om hierdie rede moet die vertrekpunt vir enige praktiese projek in 'n ondersoek in 'n spesifieke konteks gewortel wees.

Die navorsingstudie moet gebaseer word op gevallestudies van kontemporêre plaaslike en internasionale ontwerpe wat sosiale, kulturele, besigheids- en omgewingskwessies aanspreek wat met die leerder se eie praktiese projekte verband hou.

Leerders moet aangemoedig word om 'n begrip van ontwerp in beide 'n plaaslike en 'n globale konteks te bou en om te ondersoek hoe en waarom ontwerpobjekte binne verskillende kontekste geproduseer en geïnterpreteer word.

Die navorsing moet ook persoonlike ervarings van plaaslik beskikbare ontwerpe en ontwerpers in hul eie omgewings insluit.

Dit staan leerders vry om ontwerpkwessies en -woordeskat binne hul gekose dissiplines te bestudeer en hulle sal gevra word om hierdie kennis in die teorie-eksamen toe te pas. Voorbeeld: 'n Leerder wat in Modeontwerp spesialiseer, sal vanuit 'n modeperspektief op 'n kontekstuele vraag antwoord. Hulle sal hul eie voorbeelde, ervaring en kennis wat uit die bestudering van modeontwerp verwerf is, gebruik om die vraag te beantwoord. 'n Leerder wat in Kommunikasie-ontwerp of Produkontwerp ens. spesialiseer, sal vanuit daardie betrokke perspektief antwoord.

'n Basiese kennis van toepaslike huidige en ontwikkelende tegnologieë, materiale en prosesse en die onderlinge verhouding tussen die produk, gebruiker en die kontekstuele omgewing moet deel vorm van die navorsingskomponent van die praktiese projekte. Sodoende inspireer die teorie die prakties en omgekeerd.

### 5.1 **NAVORSINGSMETODOLOGIE**

- Leerders moet 'n omvattende en formeel gestruktureerde navorsingsopdrag of aktiwiteit saamstel en aanbied wat bewys lewer van deeglike en samehangende beplannings- en verwysingsvaardighede.
- Navorsingsmetodologie is 'n kritieke vaardigheid wat in Ontwerpleerders ontwikkel moet word. Onafhanklike navorsing moet deur die drie VOO-jare 'n integrale deel van die ontwerpproses vorm terwyl leerders verskillende aspekte ondersoek wat met ontwerp in 'n breë kontemporêre konteks verband hou.
- Leerders moet 'n groot verskeidenheid bronne van inligting kan raadpleeg en 'n omvattende navorsingsdokument kan opstel deur beide primêre en sekondêre bronne te gebruik.
- Leerders moet verstaan hoe om toegang tot inligting en data te verkry, hoe om inligting saam te voeg, te ontleed, te interpreteer en in 'n bruikbare hulpbron te orden, terwyl verwysingsmetodes met integriteit gehandhaaf word.

Die leerders moet vertrou raak met verskillende navorsingstegnieke, byvoorbeeld:

- die insameling van inligting deur koerante, tydskrifte en boeke te gebruik
- die gebruik van elektroniese media soos die Internet
- besoeke aan webwerwe en onderhoude met deskundiges/ontwerpers
- die gebruik van opnames en demografiese verslae
- die interpretasie van grafieke, statistiek en die maak van afleidings
- die dokumentering van die visuele elemente deur tekeninge/diagramme/fotografie/video te gebruik.

## 5.2 VERWYSINGSTEGNIEKE

Leerders moet 'n bibliografie kan opstel en korrek na bronne kan verwys deur die Verkorte Harvard-metode te gebruik (sien Bylaag 3). Leerders moet onderrig word in die metodologie van korrekte navorsingsmetodes en bygestaan word om plagiaat te vermy.

Elke GTA moet 'n bronnelys en 'n bibliografie insluit.

## 5.3 INHOUD

In Graad 12 is die struktuur van die GTA soos volg:

### 5.3.1 Algemene kontekstuele navorsing

Elke onderwerp fokus op VYF sleutelkonsepte en TIEN ontwerpverwante terme wat gebruik word om die breër konteks van die tema in algemene navorsing te verken (1 × A3-dubbelblad).

### 5.3.2 Toegespitste navorsing

Leerders fokus hul ondersoek deur navorsing te doen oor EEN internasionale en EEN plaaslike ontwerper/ontwerpmaatskappy/projek.

Die navorsing moet ongeveer vier A3-bladsye (2 × A3 dubbelblaaie) vir elke ontwerper beslaan en moet die volgende insluit:

- Kort biografiese besonderhede
- Bronne en inspirasie
- Algemene en stilistiese kenmerke, met verwysing na DRIE belangrike werke
- Gedetailleerde ontleding van EEN ontwerp

## 5.4 AANBIEDING

Die aanbieding van die Navorsingsprojek is afhanklik van individuele hulpbronne en vaardighede. Die taak kan in enige geskikte vorm aangebied word.

Dit kan die vorm aanneem van 'n:

- skriftelike projek
- A3- of kleiner boekie
- driedimensionele uitstalling
- PowerPoint-aanbieding
- webwerf
- fotografiese of videodokumentasie
- mondelinge aanbieding met visuele ondersteuningsmateriaal
- enige ander toepaslike aanbiedingsformaat

Leerders moet daarteen waak om te veel skryfwerk/teks in te sluit, maar moet eerder verskillende vorme van skematiese voorstelling gebruik om hul bevindings weer te gee.

## 6. OPSOMMING VAN INHOUD IN AFDELING C: ONTWERP IN 'N KONTEMPORÊRE KONTEKS

<b>ONTWERP IN 'N SOSIALE KONTEKS</b>		
<b>Hoe Ontwerp 'n rol speel om in die behoeftes en basiese menseregte van die mense van die planeet te voorsien.</b>		
<b>GRAAD 10</b>	<b>GRAAD 11</b>	<b>GRAAD 12</b>
<p><b>Ontwerp vir basiese menseregte – toegang tot:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• skoon water</li> <li>• voedsel</li> <li>• behuising</li> <li>• onderwys</li> </ul> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Ergonomie en antropometrie in ontwerp</b></p> <p><i>Mensgesentreerde ontwerp</i> <i>Universele ontwerp</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Hersiening van Graad 10 en 11</b></p> <p><i>Ontwerptoekennings – EEN gevallestudie, byvoorbeeld: Curry Stone Award for Social Design Pioneers</i> <i>Australian Design Awards</i></p> <p>(1 uur)</p>
<p><b>Ontwerp vir indiensname</b></p> <p><i>Entrepreneurskap en werkskepping deur ontwerp</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Ontwerp vir toegang en inklusiwiteit</b></p> <p><i>Ontwerp vir spesiale behoeftes, gestremdheid, spesifieke gebruikersbehoefte</i></p> <p><i>Ontwerp vir gesondheid en veiligheid, met spesifieke verwysing na MIV-bewustheid en -voorkoming</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Graad 12 Gemeenskaplike Taak vir Assessering</b></p>
<p><b>Ontwerp vir opvoeding en inligting</b></p> <p><i>Ontwerp en politieke propaganda, illustrasies, strokiesprente, plakkate (Weimar, Duitsland), kommunisme en revolusie (Kuba, Rusland, China), weerstand in Suid-Afrika</i></p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Daag stereotipering, partydigheid en vooroordeel in ontwerp uit</b></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Graad 12 Gemeenskaplike Taak vir Assessering</b></p>



<b>ONTWERP IN 'N OMGEWINGSKONTEKS</b>		
<b>Hoe ontwerp in wisselwerking tree met die omgewing.</b>		
<b>GRAAD 10</b>	<b>GRAAD 11</b>	<b>GRAAD 12</b>
<p><b>Die produklewensiklus</b></p> <p><i>Omgewingsgevolge van 'n produksie-ekonomie:</i></p> <p><i>Voor</i> <i>Tydens</i> <i>Na vervaardiging</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Nuwe produksiemateriale</b></p> <p><i>Nuwe materiale</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Hersiening van Graad 10 en 11</b></p> <p><i>Ontwerptoekennings – EEN gevallestudie, byvoorbeeld: Die SEGD Global Design Awards wat uitmuntende grafiese omgewingsontwerp erken European Environmental Design Award Ashden Sustainability Award</i></p>
<p><b>Volhoubare ontwerp</b></p> <p><i>Volhoubare materiale en tegnologieë</i> <i>Eko-ontwerp</i> <i>Groen ontwerp</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Nuwe produksietegnologieë</b></p> <p><i>Skoon produksieprosesse</i> <i>Ontwerp vir alternatiewe energiebronne</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Graad 12 Gemeenskaplike Taak vir Assessering</b></p>
<p><b>Ontwerp en vervaardiging</b></p> <p><i>Basiese produksietegnieke</i> <i>Massa- teenoor handproduksie</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Omgewingsontwerpstrategieë</b></p> <p><i>Bionabootsing</i> <i>Verminder, hergebruik, herwin, vind nuwe doel</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Graad 12 Gemeenskaplike Taak vir Assessering</b></p>

<b>ONTWERP IN 'N KULTURELE KONTEKS</b>		
<b>Hoe ontwerp kultuur skep en oordra – identiteit, gebruike, oortuigings, waardes, tradisies, erfenis, lewenstyl</b>		
<b>GRAAD 10</b>	<b>GRAAD 11</b>	<b>GRAAD 12</b>
<p><b>Ontwerp en kulturele identiteit</b></p> <p><i>Globale, nasionale en streeks-identiteite</i> <i>Inheemse ontwerptale</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Ontwerp en populêre kultuur</b></p> <p><i>Rol van die massamedia</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Hersiening van Graad 10 en 11</b></p> <p><i>Ontwerptoekennings – EEN gevallestudie</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>
<p><b>Verstaan en interpreteer tekens en simbole</b></p> <p><i>Stereotipering, partydigheid en vooroordeel</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Interpreteer tekens, simbole</b></p> <p><i>Geslagstereotipering in die massamedia</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Graad 12 Gemeenskaplike Taak vir Assessering</b></p>
<p><b>Handwerk en ontwerp</b></p> <p><i>Kulturele industrieë</i> <i>Inheemse produksietegnieke en visuele taal</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Kwessies van bewaring en erfenis</b></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Graad 12 Gemeenskaplike Taak vir Assessering</b></p>

<b>ONTWERP IN 'N BESIGHEIDSKONTEKS</b>		
<b>Hoe ontwerp in wisselwerking tree met die besigheidskonteks. Hoe ontwerp waarde toevoeg.</b>		
<b>GRAAD 10</b>	<b>GRAAD 11</b>	<b>GRAAD 12</b>
<p><b>Ontwerp en die bemarkings-omgewing</b></p> <p><i>Basiese kosteberekening en prysbepaling in ontwerp</i> <i>Teikenmarkte en verbruikers-koopgedrag</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Ontwerp en die wêreldmark</b></p> <p><i>Globalisering</i> <i>Sosiale, finansiële en omgewings-prestasie – mense, wins en planeet</i> <i>Tendensvoorspelling</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Hersiening van Graad 10 en 11</b></p> <p><i>Ontwerptoekennings – EEN gevallestudie, byvoorbeeld:</i> <i>DBA Design Effectiveness Award</i> <i>National Design Award</i> <i>European Design Awards</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>
<p><b>Bemarking en bevordering van 'n ontwerp</b></p> <p><i>Die bemarkingsamestelling, logo's, verpakking, handelsmerke, visuele bevoorrading</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Reklame en bevorderingstrategieë en -tegnieke</b></p> <p><i>Direk</i> <i>Indirek</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Graad 12 Gemeenskaplike Taak vir Assessering</b></p>
<p><b>Verantwoordelike ontwerp</b> <i>Billike handelspraktyke</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Etiese ontwerp</b></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Graad 12 Gemeenskaplike Taak vir Assessering</b></p>
<p><b>Ontwerpberoepe</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Posbeskrywings/verwagtinge</i></li> <li>• <i>Diensvoorwaardes</i></li> <li>• <i>Hoe om 'n besigheid/ateljee te begin</i></li> </ul> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Ontwerp en professionele praktyk</b></p> <p><i>Beroepsgeleenthede</i> <i>Tersiêre studiegeleenthede in ontwerp</i> <i>Intellektuele eiendomsregte</i></p> <p>Plaaslike en internasionale gevallestudies.</p> <p>(1 uur)</p>	<p><b>Graad 12 Gemeenskaplike Taak vir Assessering</b></p>

## 7. RIGLYNE VIR DIE ONTWERP PRAKTIESE KOMPONENT

Die KABV identifiseer vier praktiese dissiplines, naamlik:

- Visuele Kommunikasie-ontwerp
- Oppervlakontwerp
- Produkontwerp
- Omgewingsontwerp

Die ontwerp praktiese komponent bestaan uit twee Breë Onderwerpe, die Ontwerpproses en Ontwerpproduksie. Beide moet gelyktydig betrek word by die skep van ontwerp oplossings.

### 7.1 ONTWERP AS PROSES

Ontwerp is 'n dissipline van denke wat betrek word deur die interaktiewe metodologie van die ontwerpproses. Die ontwerpproses is 'n proaktiewe metodologie wat gemeenskaplik is aan ontwerpaktiwiteite oor al vier die verskillende spesialisingsgebiede en die verbinding van teorie met handeling in 'n deurlopende, geïntegreerde holistiese proses fasiliteer – dit is die gom wat multidissiplinêre inhoud saambind.

Ontwerp is 'n kreatiewe probleemoplossingsproses wat probleemidentifikasie, beplanning, navorsing, innovasie, konseptualisering, prototipering, vervaardiging en evaluering behels. Wanneer leerders met die ontwerpproses besig is, leer hulle om waar te neem, behoeftes te identifiseer, probleme te soek en te formuleer, saam te werk, oplossings te ondersoek, alternatiewe op te weeg en hul idees visueel en verbaal oor te dra. Die ontwerpproses sluit tydperke van selfassessering, kritisering van onvoltooide werk, hersiening en geleentheid vir besinning in.

Die ontwerpproses is 'n interaktiewe proses waar alle ontwerpgeleentheid op die konteks gebaseer is. Die proses behels die integrasie van kennis en bewustheid van 'n stelsel/produk/materiaal met produksievaardighede om 'n portefeulje van tekeninge, planne en twee- of driedimensionele oplossings te genereer.

Die bestudering van die gevestigde ontwerpproses is belangrik. Die KABV definieer die ontwerpproses:

*Die leerder kan die ontwerpproses van konseptualisering tot realisering verstaan.* Hierdie uitkoms stel leerders in staat om die ontwerpproses van konseptualisering tot realisering te verstaan.

Leerders ontvang 'n opdrag, doen navorsing oor die onderwerp, genereer idees, ontwikkel konsepte, implementeer, besin krities oor en evalueer die ontwerp-oplossing.

Selfdissipline en verantwoordelike ontwerpetiek, sowel as 'n bewustheid van estetika en funksionaliteit moet deur die hele ontwerpproses duidelik wees.

Die ontwerpproses moenie as 'n vaste formule beskou word nie, maar moet eerder kreatief gebruik word om probleme op te los, behoeftes te bevredig en geleenthede te benut op 'n buigsame en organiese manier wat relevant is vir die betrokke taak.

Daar is baie modelle van die ontwerpproses wat elkeen 'n spesifieke tipe oplossing fasiliteer. In Graad 10 en 11 moet leerders aangemoedig word om verskillende modelle en strategieë binne die ontwerpproses te ondersoek deur 'n aantal kort, kleiner projekte oor 'n breë spektrum van toepassings en kontekste. Dit sal hulle die geleentheid bied om onbekende ontwerp-toepassings, media en tegnieke in 'n veralgemeende benadering te ondersoek en laterale denkvaardighede oor 'n wye reeks ontwerp-kontekste te ontwikkel.

'n Tabel volg wat 'n algemene benadering van die Ontwerpproses naas meer gespesialiseerde modelle aanbied. Enigeen is geskik vir gebruik in die Ontwerp-werkboeke.

## 7.2 'N PROJEKGEBASEERDE BENADERING

Deur 'n projekgebaseerde benadering word die ontwerpproses as die verbindings-metodologie gebruik om verskillende kontekste te ondersoek en te verken. Die vak ontwikkel nie net produksievaardighede nie, maar integreer ook verbeelding, analitiese denke en etiese reaksies in 'n reeks lewensgetroue kontekste.

Leerders moet verskillende stimuli as vertrekpunt vir die praktiese projekte gebruik en die ontwerpproses as die leidende metodologie om 'n finale produk/tekening/model/artefak/stelsel te produseer tesame met 'n meegaande Werkboek wat die proses en navorsingskomponente bevat wat die kreatiewe proses van begin tot einde dokumenteer.

Die projekte moet buigsam wees en deur die leerder se belangstellings, ervaring, omgewing en vlak van ontwikkeling bepaal word. Dit moet uitdagings bied vir die visuele konsepte en persepsies van die leerder. Onderwysers moet die leerder deur kontemporêre en relevante probleme en geleenthede betrek, motiveer en stimuleer deur op 'n kontekstuele begrip van ontwerp te fokus.

## 7.3 OPSOMMINGSKAART VAN DIE ONTWERPPROSES

	FASE	STAPPE	AKTIWITEITE	KOMMUNIKASIE
Ontwerpstrategie	Ideevormings-fase	Identifikasie Ontleding Navorsing en ondersoek	Identifiseer 'n behoefte, 'n probleem of 'n geleentheid, of werk van 'n opdrag af; stel spesifikasies en beperkings op  Ondersoek die ontwerpkonteks  Eerste navorsingsfase – doen navorsing oor moontlike oplossings – bepaal lewensvatbaarheid  Versamel, ontleed, organiseer, interpreteer en erken relevante inligting om die ontwerpproses te rig	<i>Breinkaarte</i> <i>Stemmingsborde</i> <i>Miniatuurtekeninge</i> <i>Ruwe tekeninge</i> <i>Konsepsketse</i>
	Konsepfase	Dinkskrums Genereer aanvanklike idees	Genereer idees om probleme kreatief, innoverend of intuïtief op te los  Dra idees oor deur 'n verskeidenheid van metodes en tegnieke te gebruik	<i>Tekeninge</i> <i>Modelle</i> <i>Storieborde</i>
	Produkontwikkelingsfase	Evaluering en seleksie Ontwikkeling Sintese Beplanning	Seleksie en evaluering van oplossings – stel verbeterings en ontwikkeling voor  Tweede navorsingsfase – doen uitvoerbaarheidstudies, marktoetsing, ergonomie  Ondersoek die gebruik van toepaslike materiale en produksietegnieke  Finale aanbieding en seleksie  Beplan die produksieproses	<i>Finale aanbiedings-tekeninge</i>  <i>Skep werktekeninge, tegniese tekeninge, isometriese tekeninge, ortografiese projeksies, grondplanne, aansigte, patrone, draadraamweergawes</i>  <i>Monsterborde</i>  <i>Produceer monsters, modelle, makette of prototipes</i>  <i>Produksieplanne: bewerking, tydskedules</i>  <i>Sakebeplannings-dokumente: begrotings</i>
Produksietegnieke en prosesse	Produksiefase	Meet Vorm Voeg saam Werk af Implementeer veiligheid	Produceer 'n produk, diens, stelsel of omgewing  Werk doeltreffend en veilig  Ontwikkel hoë gehalte van vakmanskap, implementeer gehaltebeheer	<i>Produksieskedules</i>  <i>Gehaltebeheermaatreëls</i>
Evalueer Bestuur uitkomst	Uitstillings-fase	Evalueer Bestuur Hou in stand	Evalueer produkprestasie en besin oor die proses en die eindresultate  Bestuur implementering Bestuur uitkomst – afvalbestuur	<i>Bemaking van produkte</i> <i>Strooibiljette, posstukke</i> <i>Verpakking</i> <i>Reklame vir ontwerpe</i> <i>Verkoospuntpromosies</i>

## 8. ONTWERPPRODUKSIE – RIGLYNE VIR ONTWERPDISCIPLINES

In Graad 10 en 11 moet leerders aan so 'n groot verskeidenheid ontwerpdisiplines, media en tegnieke moontlik blootgestel word. Dit sal hulle 'n stewige grondslag vir die breë spektrum van ontwerpoplossings gee en hulle ook help om hul vaardigheids- en belangstellingsgebiede te identifiseer. Dit sal verder die prosesgeoriënteerde aard van Ontwerp herbevestig.

Na 'n basiese grondleggingsprogram in Graad 10 en die helfte van Graad 11 moet leerders 'n bepaalde spesialisingsgebied kies sodat hulle teen Graad 12 'n omvattende hoeveelheid werk kan produseer wat diepte en bedreuenheid ten opsigte van ontwerpvaardigheid toon en bevoegdheid in 'n verskeidenheid tegnieke, media en kontekste in een spesialisingsgebied demonstreer.

Na gelang van skool, onderwyser en leerderhulpbronne kan die Ontwerpleerder 'n praktiese spesialisingsgebied uit enigen van die volgende dissiplines kies:

### VISUELE KOMMUNIKASIE-ONTWERP

- Reklameontwerp
- Animasie
- Digitale ontwerp
- Film en video
- Grafiese ontwerp
- Illustrasie
- Inligtingontwerp
- Verpakkingsontwerp
- Fotografie
- Redaksionele ontwerp

### OPPERVLAKONTWERP

- Appliekwerk
- Kralewerk
- Borduurwerk
- Geskenkpapierontwerp
- Mosaïek
- Muurskilderyontwerp
- Tapisserieë
- Tekstielontwerp
- Muurpapierontwerp
- Weefwerk

## PRODUKONTWERP

- Mandjiewerk
- Kralewerk
- Houtsnywerk
- Keramiekontwerp
- Gekonstrueerde tekstiele
- Modeontwerp/kostuumontwerp
- Meubelontwerp
- Industriële ontwerp
- Juweliersontwerp
- Papierwerk
- Poppekasontwerp
- Tafelware
- Weefwerk
- Draadwerk

## OMGEWINGSONTWERP

- Argitektoniese ontwerp
- Vertoon- en uitstillingsontwerp
- Binneversieringsontwerp
- Teater- en stelontwerp

### Klem op idee, nie produk nie

Die klem in Ontwerp moet geplaas word op die navorsing, denke, toepassing en kreatiewe strategieë wat nodig is om 'n idee effektief te ontwerp en oor te dra, hetsy in 'n tekening, 'n model of prototiefaksimileformaat. (Die 'idee' synde goed nagevors in sy konteks.) Hierdie werktekening of model sal dan gebruik word om sjablone en patrone vir produksiedoeleindes te maak. Die fokus moet wees op die ontwerp van ... 'n ingesteldheid, 'n manier om idees in plaas van eindproduk te skep.

Dit moet duidelik gemaak word dat die fokus van ontwerpproduksie nie primêr op die skepping en vakmanskap van 'n finale produk moet wees nie. Ontwerp is nie 'n tegniese of kreatiewe handwerkvaardigheid soos houtwerk, metaalwerk, kleremakery of keramiek nie. Daar moet onthou word dat leerders **ontwerpoplossings in die vorm van simulaties** en modelle skep en nie noodwendig die werklike produk nie. Daar word nie van leerders verwag om produkte van hout, metaal of duur tekstiele te skep nie.

Hoewel 'n toepaslike vlak van tegniese vaardighede vertoon moet word, moet beklemtoon word dat die finale produkte nie as **prototipes** bedoel word nie, **maar as modelle** van oplossings. Die klem moet op ontwerpdenke en oorspronklike konsepvorming wees. Oplossings wat met die hand gegenereer word deur gesimuleerde materiale soos papier en karton in plaas van duur materiale of tegnologieë te gebruik, word aanbeveel.

Baie leerders 'ontwerp' glad nie en 'maak' bloot iets wat hulle iewers in 'n boek gesien het. Die 'maak van 'n produk' is dikwels op die voorgrond van die ontwerpproses, ten koste van innovasie en kreatiwiteit. Dit blyk die oorspronklikheid en ontwerpkonseptualisering in gevaar te stel.



Leerdere se aandag word afgetrek deur die kompleksiteite daarvan om met werklike materiale soos hout en metaal te werk, en dit inhibeer hul vermoë om met werklike 'ontwerp' gemoeid te raak. Gesimuleerde materiale, soos papier en karton, moet ondersoek word indien 'n driedimensionele model geskep moet word in plaas daarvan om met 'n tegniese mynveld van hout, metaal, ens. te worstel.

Leerdere MOET bewus gemaak word daarvan dat Ontwerp nie handwerk is nie, maar die vorming van oorspronklike ontwerpe in antwoord op geloofwaardige probleme of geleenthede. Dit is nie nodig om volskaalse prototipes te maak nie.

Vanweë die klem op 'ontwerp' is min duur hulpbronne nodig, aangesien leerdere modelle uit karton/papier of herwonne afvalprodukte kan genereer. Dit maak dit moontlik om die vak in finansiële benadeelde skole aan te bied sonder die las van kapitaalkoste wat vir gesofistikeerde masjinerie en toerusting aangegaan word. Dit doen nie afbreuk aan die belangrikheid van vakmanskap of aandag aan detail nie. Die behoefte aan spesialismateriale is egter heeltemal onnodig. Papier of karton sal net so goed werk om 'n idee te verduidelik.

In die hedendaagse ontwerp-wêreld moet 'n ontwerper egter 'n span kan organiseer, sekere take kan deleger en sekere tegniese aspekte van 'n ontwerp se produksie kan uitkontraakteer, en hierdie proses effektief kan bestuur. Ontwerpproduksie stimuleer 'n kultuur van entrepreneurskap wat noodsaaklik is vir die vervaardigings-, ingenieurs-, argitektoniese en klerebedryf, asook ander formele en informele bedrywe in ons ontwikkelende land. Indien leerdere 'n reeks media en tegnieke wil ondersoek deur tegnieke en metodes buite die klaskamer te benut, moet dit nie in die kiem gesmoor word nie.

Leerdere moet gestimuleer word om 'n proaktiewe entrepreneurshouding en 'n innoverende vervaardigingskultuur te ontwikkel deur plaaslike inisiatiewe, vaardighede en materiale te gebruik. As onderwysers moet ons oop en buigsaam wees om ons leerdere aan te moedig om uiteenlopende materiale en produksieprosesse te gebruik, die oordrag van vaardighede te fasiliteer en hulle in staat te stel om nuwe vaardighede deur die ontwerpervaring te leer.

Die belangrike oorweging moet egter dié wees van die optekening van die egtheid van die konsep en die beheer van produksieprosesse in die Ontwerpwerkboek. Leerdere MOET enige bystand wat hulle in die vorm van buitehulp ontvang in hul Werkboek erken.

Fakture en spreitabelle van begrotings, vloeiagramme van produksieprosesse en produksietydlyne is almal relevante vorme van die optekening van hierdie bestuursprosesse. Foto's moet geneem word om die konstruksie van driedimensionele produkte te dokumenteer.

In ontwerpproduksie is dit belangrik dat leerdere 'n bewustheid van beroepsgeleenthede in die ontwerpbedryf in 'n plaaslike en streekskonteks ontwikkel. Projekte moet leerdere aanmoedig om bedryfsbegrotings op te stel, met 'kliënte' te kommunikeer en binne spertye en begrotings te werk – 'n bekendstelling aan die werks-wêreld. Leerdere moet houdings en 'n bewustheid soortgelyk aan etiese en professionele ontwerppraktyk ontwikkel.

## **DIE ONTWERPWERKBOEK**

Beide die ontwerpproses en die ontwikkeling van die taak/projek moet omvattend nagespoor en opgeteken word in die Ontwerpwerkboek. Ideaal gesien, moet die Werkboekformaat 'n A3-boekie/portefeulje as 'n versameling Proses- en Navorsingskomponente wees.

Die Werkboek word saam met die ontwerpeindproduk beskou en dit sal die leerder se punt vir die praktiese portefeulje beïnvloed. Dit sal egter sy eie punt ontvang. Sien Voorbeeld Werkboek Vooruitgang Bylaag 5 E vir die Werkboekrubriek van die leerders se betrokkenheid by die konseptualisering en ontwikkeling van hul oplossing.

Die Werkboek moet 'n versameling hulpbronne, inspirasies, ondersoeke, verkennings en idees insluit. Die Werkboeke moenie net as 'n bronboek van beelde beskou word nie, maar moet 'n gedetailleerde betrokkenheid by die ontwerp van 'n produk weerspieël. Ontoepaslike kopiëring en plak van dekoratiewe beelde moet vermy word. Dit moet 'n versameling proseswerke insluit wat die ontwikkeling van die idee en die produk naspoor. Verskeie bladsye met bewyse wat verband hou met konseptontwikkeling deur enige toepaslike vorm van dokumentasie te gebruik, moet die kreatiewe reis weerspieël.

Die gebruik van duidelike opskrifte, subopskrifte, inkeping en ander aanwysers is nodig om die stadiums van die ontwerpproses aan te dui en die inhoud vir maklike toegang deur die eksaminator of nasienpaneel te organiseer.

Bewys van verkenning van prosesse en tegnieke, en ontwerpontwikkeling moet in die Werkboek ingesluit word. Proses- en ontwikkelingswerk kan in die vorm van tekeninge, foto's, sketse, video, ens. opgeteken word.

Die optekening van die proses moet omvattend wees en 'n verskeidenheid kommunikasiekonvensies, materiale en tegnieke gebaseer op die spesifieke spesialisingsgebied weerspieël.

### **Kommunikasievaardighede**

Tekeninge is 'n noodsaaklike komponent van ontwerpkommunikasie en leerders moet vaardigheid ontwikkel in tekenkonvensies wat relevant is vir hul bepaalde spesialisingsgebied (van miniatuurtekening tot volledige werktekening) en ook 'n verskeidenheid tekenstyle verken.

Die oordra van die ontwerpproses vereis dat die leerder 'n verskeidenheid vaardighede goed kan gebruik om idees en denksproesse op te teken, byvoorbeeld die gebruik van vloeiagramme, breinkaarte, diagramme en ander vorme van grafiese kommunikasie.

Die verkenning van 'n verskeidenheid relevante media en tegnieke moet aangemoedig word.

### **Die Werkboek kan insluit:**

#### **Ideevormingsfase**

Rekords van die gevolgtrekkings van dinkskrumssessies, SSGB-ontledings, breinkaarte, spinnekopdiagramme, vraelyste, werkblaaie, sketse, beelde, foto's, die leerders se ontwerp- en navorsingsopdragte, ontwerpevalueringskriteria en ontwerpspesifikasies.

**Navorsing**

Insortering, ontleding, interpretasie en organisering van bevindings oor bepaalde aspekte (tegnies, sosiaal, kultureel, ekonomies), gedetailleerde sketse, voorbeelde, monsters, storieborde, opsommings van onderhoude, vraelyste, werkblaaie, foto's, vergelykende ontledings, gevallestudies, markopnames en navorsingsverslae.

**Konsep- en Ontwikkelingsfase**

Sketse, modelle, resultate van eksperimente met materiale, afwerkings en dekoratiewe behandelings, werk- en tegniese tekeninge, planne, kosteberekeninge, bemarkingsplanne.

**Produksiefase**

Produksieplan, toetsings- en evalueringswerkblaaie en -vraelyste, tegniese aantekeninge en verklarende tekeninge, optekening van produksieprosesse, evaluering en besinning oor wat verbeter/verander kan word. Die konstruksie van driedimensionele produkte moet opgeteken word deur fotografiese bewys en selfs videomateriaal, indien nodig, te gebruik.

**Evaluerings- en Uitstallingsfase**

Bewys van die evaluering van die ontwerpoplossing, met inbegrip van proewe, en eindgebruikersopnames, toetse, meting van prestasie aan evalueringskriteria, mark- en gebruikersopnames.

## VOORBEELDWERKBOEKPROGRESSIE

Fase	Stappe	Aktiwiteite	Produkte
	<b>Voorblad</b> (1 bladsy)	Naam van projek	Titelblad
	<b>Indeks</b> (1 bladsy)	Wat op elke bladsy/in elke afdeling is	Kollys, genommer
	<b>Rasionaal</b> (1 bladsy)	Skryf 'n kort, bondige verklaring van jou interpretasie van die opdrag en hoe jy dit opgelos het.	Tipografies, simbolies, kollys
<b>Ideevormingsfase</b>	<b>Identifikasie/ Motivering/ Opdrag/Probleem</b> (1 bladsy)	Dit weerspieël die motivering vir jou ontwerplossing, jou probleemoplossingsvaardighede, antwoord op en identifikasie van die behoeftes, probleme of geleenthede wat deur die opdrag aangebied word. Hoe het jy gereageer op die algehele 'vraag' wat gestel is, hoe 'buite die boks' was jou denke? Hoe <i>oorspronklik, kreatief en innoverend</i> is jou reaksie op die opdrag? Jou doel is om kreatief en oop te wees vir nuwe interpretasies terwyl jy jou reaksie en aanvanklike gedagtes oordra.	Gebruik 'n groot verskeidenheid grafiese kommunikasiemiddele, met inbegrip van breinkaarte, spinnekopdiagramme, konsepsetse, aantekeninge, tipografiese ontwerpe, abstrakte skeppings, stemmingsborde, collages ...
	<b>Ontleed</b> (2 bladsye)	Dit weerspieël die volgende fases van die ontwerpproses namate jy die konteks van die ontwerpdrag ondersoek en 'n groot verskeidenheid faktore wat by die ontwerplossing betrokke is, oorweeg. Ondersoek die ontwerpkonteks, stel spesifikasies en beperkings op.	Breinkaarte, geannoteerde sketse, aantekeninge, simboliese kommunikasie, gebruik grafieke, pyle, kollys ...
	<b>Genereer aanvanklike idees</b> (4 bladsye)	Genereer idees om probleme kreatief, innoverend of intuïtief op te los. Hou dinkskrumms en genereer 'n <i>wye reeks moontlike oplossings</i> namate jy jou in die onderwerp verdiep. Ondersoek verskillende benaderings en genereer idees om probleme kreatief, innoverend of intuïtief deur 'n verskeidenheid metodes op te los.	Sluit sketse, monsters, miniatuurtekeninge in ... BAIE idees, 'n groot verskeidenheid antwoorde; gebruik kreatiewe strategieë soos bionaboetsing, aanpassing van bestaande oplossings, omkering, spieëlbeelde, kombinerings, laterale strategieë ...
<b>Konsepsfase</b>	<b>Evaluering en seleksie</b> (1 bladsy)	Neem jou aanvanklike reaksie van <i>baie aanvanklike idees en begin</i> jou reeks opsies <i>deur ontleding en evaluering vernou</i> , totdat jy gereed is om op EEN finale idee te besluit.	Geannoteerde sketse
	<b>Eerste navorsingsfase</b> (2 bladsye)	Versamel, ontleed, organiseer, interpreteer en erken relevante inligting om die ontwerpproses te rig. Toon 'n verkenning van minstens een aspek van die opdrag en dek Suid-Afrikaanse en internasionale ontwerpers. Vanselfsprekend sal die navorsing wat jy oor ander ontwerpe, materiale en produksieprosesse onderneem, jou idees beïnvloed en inspireer, en in jou ontwikkelende ontwerplossing geabsorbeer word. Jy moet ook kommentaar lewer oor hoe jou navorsing jou in jou oplossing en interpretasie van die opdrag beïnvloed het.	'n Versameling geannoteerde beelde ('n wisselwerking tussen teks, beelde en sketse) Navorsing moet gevallestudies, fotografiese dokumentasie insluit Moet korrek verwys word Gebruik navorsing om idees hiernaas te genereer
	<b>Visuele ontleding</b> (2 bladsye)	Skryf 'n formele ontleding van ontwerp(e) wat jy in jou navorsing aangetref het. Dit moet bespreek hoe effektief die ontwerp is en bewustheid toon van beginsels van balans, harmonie, verhouding, eenheid, ritme, beklemtoning, kontras, gradasie en die elemente van kuns soos kleur, vorm, lyn, toon, ruimte en tekstuur.	Ontleding van ontwerpprodukte deur toepaslike terminologie/ ontwerpjargon te gebruik
	<b>Evaluering en seleksie</b> (1 bladsy)	Evalueer gegeneerde idees, stel verbeterings voor en kies die beste oplossing; meld finale idee.	Duidelike finale idee

Ontwikkelingsfase	<b>Proses</b> (4 bladsye)	Neem jou <i>EEN idee en verfyn dit</i> deur die ontwerpproses stap vir stap tot jou finale ontwerp deur 'n betrokkenheid by beginsels van estetika en funksionaliteit te weerspieël.	Sketse, tekeninge deur 'n groot verskeidenheid media en gereedskap, werkmodelle van papier, storieborde te gebruik
	<b>Onderzoek</b> (2 bladsye)	Weerspieël hoe jy die gebruik van ontwerpelemente, -beginsels en moontlike materiale, metodes, toerusting en tegnieke oorweeg en ondersoek het soos dit jou idee beïnvloed.	Tegniese verkenning, materiale, prosesse, neem foto's van 3D verkenning van papier, klei ...
	<b>Visualisering</b> (2 bladsye)	Betrokkenheid by die ontwerpproses en beginsels van estetika en funksionaliteit: verfyn vorms, kleure, besonderhede ...	Gedetailleerde tekeninge, storieborde, makette, aanbiedingstekeninge ...
	<b>Sintese/Finale idee</b> (2 bladsye)	Hierdie fase spoor jou idee na terwyl jy dit <i>finale tot 'n geloofwaardige, gerealiseerde ontwerp ontwikkel</i> deur 'n reeks kommunikasiehoopmiddels. Jy moet jou finale idee in spesifikasietekeninge, planne, sjablone of modelle weerspieël.	Skep werktekening: tegniese tekening, isometriese tekening, ortografiese projeksies, grondplanne, aansigte, perspektiewe, patrone, draadraamweergawes, prototipes
Produksiefase	<b>Bepanning</b> (1 bladsy)	Bepan die produksieproses. Hierdie fase kan selfs spreitabelle van jou begroting/koste, vloeddiagramme van produksieprosesse en produksietydlyne en voorbeeldborde insluit.	Begrotings Voorbeeldborde Produksieplanne: bewerking, tydskedules
	<b>Maak</b> (2 bladsye)	Werk doeltreffend en veilig. Ontwikkel hoë gehalte van vakmanskap, implementeer gehaltebeheer.	Neem foto's terwyl jy enige 3D produkte konstrueer. Teken elke verandering op, veral ten opsigte van DIGITAAL!!!!
Uitstallings- fase	<b>Plaas in konteks</b> (2 bladsye)	Bied die produk, diens, stelsel of omgewing aan en evalueer dit. Beplan bemarkingsprodukte soos strooibiljette, posstukke, verpakking, reklameontwerpe, verkoospuntpromosies.	Monsters, foto's van produkte omgeskakel in plakkate, brosjures, pamflette, gedrukte advertensies, ens.
	<b>Bibliografie</b> (2 bladsye)	Gedetailleerde verwysings, in alfabetiese volgorde, deur die Harvard-metode te gebruik!	

## AFDELING F RIGLYNE VIR MODERERING

Hierdie afdeling van die dokument is bedoel as gids vir Ontwerponderwysers ten opsigte van die modereringsproses wat vir Ontwerp gevolg sal word vir beide vakgroep- en eksterne moderering.

Moderators moet hierdie riglyndokument as die finale gesag aangaande assesseringsprosedures en -vereistes erken en dit vervang dus ALLE vorige riglyndokumente wat voorheen deur die IEB uitgereik is.

Dit is elke onderwyser se individuele verantwoordelikheid om vertrouwd te wees met die vereistes en assesseringskriteria soos uiteengesit in die huidige IEB Vakassesseringsriglyne.

### DIE MODERERINGSPROSES

Daar is vier komponente vir moderering:

- Leerder se SGA-portefeulje
- Jaarwerk en Uitstalling
- Onderwyserportefeulje
- Vraestel II – Ontwerp Praktiese Eksamen
- Vraestel I – Ontwerpteorie-eksamen

Moderering kom op verskillende stadiums voor:

- **Vakgroepmoderering**  
'n Steekproef van SGA-portefeuljes en GTA's word deur die vakgroep gemodereer.  
Praktiese Jaarwerkmoderering deur die vakgroep.
- **Nasionale Portefeuljemoderering**  
'n Steekproef van portefeuljes en GTA's sal vir moderering aangevra word.  
Moderering van n jaarwerk voorbeeld deur praktiese eksaminatore.
- **Eksterne Eksamen**  
Vraestel II Prakties word deur die eksaminator geassesseer.  
Vraestel I Ontwerpteorie word ekstern deur 'n nasienspan nagesien.

### 1. VAKGROEPMODERERING

Skole moet 'n vakgroep vorm met ander skole in hul geografiese omgewing en 'n minimum van twee vakgroepvergaderings per jaar bywoon.

Moderering wat binne 'n vakgroep uitgevoer word, is noodsaaklik om **die onderwyser voor te berei** vir beste praktyk en die standaard wat tydens Nasionale Moderering verwag word. Die doel van moderering binne die vakgroep is om te verseker dat daar 'n konsensuele begrip van **nasienprosedures** en **konsekwentheid in standaard** oor skole heen is.

Die eerste vakgroepvergadering moet teen die middel van Maart plaasvind. Die doel van hierdie vergadering is in wese ondervraging na die Gebruikersgroepkonferensie en om die standaardisering van nasienwerk binne die groep te fasiliteer, sowel as om te kontroleer dat die onderwysers in hul leerprogram aan die vereistes voldoen. Hierdie vergadering bied ook 'n geleentheid vir onderwysers wat nie die konferensie kon bywoon nie om ingelig te word en bied waardevolle ondersteuning aan nuwe skole en onderwysers.

Die tweede vakgroepvergadering moet in die tweede helfte van die jaar gehou word op 'n datum voor 15 September waarop die vakgroep ooreenkom om die streekmodereringsproses te laat plaasvind.

By hierdie tweede vergadering van die jaar moet voorbeelde van werk deur elke onderwyser vir moderering aangebied word, met inbegrip van die GTA's en die leerders se Skoolgebaseerde Asseseringstake (SGA's). 'n Reeks voorbeelde moet aangebied word van swak tot gemiddeld tot uitstekend. Die vakgroep moet 'n reeks modereringsaktiwiteite uitvoer wat verband hou met die behoeftes van die vakgroep.

Dit is noodsaaklik dat lewendige debattering, bespreking en moderering van assesseringspraktyke by hierdie vakgroepvergadering plaasvind. 'n Notule moet gehou word om die algemene strekking van hierdie besprekings op te teken.

Die vakgroep moet minstens een toets uit elke afdeling wat in die eindeksamen ingesluit word, modereer om te verseker dat verwagtinge in die hele vakgroep ooreenstem. Verskillende vorme van moderering kan gebruik word, byvoorbeeld blinde nasien van leerderbewyse, kruismoderering van nagesiende werk, ondervraging uit 'n gemeenskaplike rekordeksamen.

Duidelike bewys van vakgroepmoderering moet sigbaar wees. 'n Steekproef van leerders se skrifte/projekte en die assesseringsrubrieke moet deur die vakgroeplid/moderator onderteken en gedateer word. (Die aanvaarde konvensie om interne moderering aan te dui, is pers ink, vir eksterne moderering is dit groen ink.)

Vir die baie sentrums wat nie die geleentheid van eksterne vakgroepmoderering het nie, moet daar bewys van 'n vorm van interne moderering wees vir beide die Teoretiese SGA en Praktiese Jaarwerk komponent.

Reëlins moet ook op hierdie stadium deur die vakgroep getref word vir die moderering van die Jaarwerk en Uitstillingskomponent.

### 1.1 MODERERING VAN SGA-PORTEFEULJE

Elke leerder moet 'n portefeulje met die verlangde SGA-take daarin hê.

Die portefeulje moet 'n SGA-portefeuljedekblad as voorblad hê (Bylaag) wat al die punte vir elke assessering weerspieël.

Alle take moet in die volgorde van die dekblad gerangskik wees.

Sorg moet gedra word om die korrekte puntetotaal in te skryf. Moet asseblief nie punte as persentasies inskryf wanneer die punt op die portefeuljedekblad in werklikheid as 'n punt uit 20 verlang word nie.

	SGA-taak	Vereistes in SGA-portefeulje	Punte
1	Gemeenskaplike Taak vir Assessering – Navorsingskomponent	GTA en voltooide rubriek Bewys van kontrolering met die oog op plagiaat	30
2	Gemeenskaplike Taak vir Assessering – Aanbiedingskomponent		20
3	Junie se Teorie-eksamen	Eksamenvraestel en antwoordskrif	10
4	Rekordeksamen: Teorie		20
5	Teorietoets 1	Toetsvraestelle en die betrokke leerder se antwoordblad. Daar moet duidelike bewys wees van hoe (en <i>dat</i> ) die werk nagesien is.	10
6	Teorietoets 2		10
SGA-totaal			100

## Uitsluitingsbrief vir ontbrekende portefeuljewerk

Alles moontlik moet gedoen word om die leerder in staat te stel om 'n portefeuljetaak wat misgeloop is, in te haal. Indien 'n Portefeulje sonder 'n stuk werk ingedien word, moet die volgende in die plek daarvan ingevoeg word:

- 'n Brief wat die situasie verduidelik op 'n amptelike skoolbriefhoof.
- Die brief moet deur die skoolhoof, die onderwyser en die leerder onderteken word.
- Enige ander ondersteunende dokumentasie soos 'n doktersertifikaat moet aan die brief vasgeheg word.
- Indien 'n stuk werk verlore raak nadat dit nagesien is, moet die onderwyser bewys van die punt indien – byvoorbeeld 'n gedetailleerde puntetaal vir die betrokke kwartaal, die leerder se algehele plek in die klas en rangorde vir die spesifieke item.

### 1.2 MODERERING VAN DIE GTA

- Die GTA word intern nagesien en ekstern gemodereer.
- Die GTA moet beskikbaar wees vir eksterne moderering met die voltooide assesseringshulpmiddel aangeheg.
- 'n Seleksie van GTA's moet vakgroepmoderering ondergaan.
- Tydens die modereringsproses binne die vakgroep moet konsekwentheidsaangeleenthede rakende die volgende kriteria vir die PAT bespreek word:
  - Bepaling van 'n norm vir die toekenning van 'n sekere punt vir 'n bibliografie wat slegs webwerwe bevat, d.w.s. (3/10)
  - Toekenning van vol punte vir 'n bibliografie wat boeke, tydskrifte en webwerwe insluit benewens terreinbesoeke en onderhoude, ens.
  - Uitklaring van die kwessie van verwysings teenoor bibliografie
  - Ooreenstemming oor hoeveel inligting in elke afdeling van die navorsingstaak verwag word
  - Verwagtinge rondom aanbieding

#### Plagiaat

- Plagiaat is 'n ernstige oorweging in navorsingstake en onderwysers moet kennis neem van hul verantwoordelikheid in hierdie verband deur leerders te onderrig in die etiese en korrekte gebruik van bronne.
- Die GTA moet bewys van egtheid weerspieël en klem moet geplaas word op die bibliografie en navorsingsmetodologie.
- 'n Elektroniese soektog van die inligting in die GTA moet vir elke GTA deur die onderwyser uitgevoer word om die integriteit van die inhoud te verifieer.
- Daar moet beklemtoon word dat dit die onderwyser se direkte en eksplisiete verantwoordelikheid is om elke leerder se taak met die oog op plagiaat deeglik te kontroleer.
- Daar is verskeie betroubare strategieë en 'n aantal webgebaseerde werwe wat geraadpleeg kan word.
- Onderwysers moet direkte bewys van plagiaatkontrolerings saam met die nasienrubriek insluit en dit moet by beide vakgroep- en streekmoderering beskikbaar wees.
- 'n Ewekansige seleksie van GTA's sal vir Nasionale Portefeuljemoderering gekies word.



- Verdere plagiaatkontrolerings sal tydens streekmoderering uitgevoer word. Dit is belangrik om daarop te let dat indien aansienlike plagiaat tydens streekmoderering bespeur word, die leerder nul vir die hele taak SAL ontvang. Plagiaat in die PAT sal verder as 'n eksamenonreëlmatigheid beskou word en hierdie oortreding sal ernstige gevolge inhou. Die onderwyser en gevolglik die skool sal ook verantwoordelik gehou word.

#### **Indien plagiaat bespeur word:**

- Indien plagiaat bespeur word, moet die leerder ideaal gesien die geleentheid gebied word om die taak binne 'n spesifieke tydraamwerk weer in te dien. 'n Tydraamwerk van 48 uur is nie onredelik nie, mits dit binne die bepaalde sperdatum vir finale indiening val.
- Besonderhede word verlang wanneer 'n leerder nul ontvang het vir 'n geplagieerde stuk werk.
- Alle stappe wat gedoen is om die leerder toe te laat om die werk weer in te dien, moet duidelik gedokumenteer word en 'n rekord van alle assesserings en riglyne rakende die GTA moet ingesluit word. In hierdie geval kan 'n afskrif van die stuk werk ook ingesluit word (selfs indien geen punte ingesluit word nie), aangesien dit aandui dat die onderwyser waaksaam is wat plagiaat betref.

### 1.3 NA INTERNE/VAKGROEPMODERERING

Indien 'n sentrum na vakgroepmoderering opmerk dat hul nasienproses in enige opsig gebrekkig of skeef is, **is die onderwyser verplig om punte te verander** om nasienwerk in ooreenstemming met dié van die vakgroep te bring. 'n Vakgroep het egter geen gesag om 'n onderwyser se punte op te hef nie. Op vakgroeplvlak is dit steeds die onderwyser se verantwoordelikheid en prerogatief om enige nodige aanpassings te doen.

Indien 'n onderwyser na vakgroepmoderering 'n verskil in nasienstandaarde opmerk, moet leerders die geleentheid gebied word om die situasie reg te stel indien hulle tyd het voor die finale sperdatums.

Sodra SGA- en praktiese jaarwerk-punte gemodereer is, moet die onderwyser se punte op die IEB-databasis ingesleutel word en afskrifte van die puntestate moet **teen 30 Oktober** na die IEB gefaks word. Hierdie puntestate moet deur die onderwyser en skoolhoof onderteken word en aan die eksaminator gegee word op die dag wat die eksamenwerke geassesseer word.

Die jaarwerk-punte sal deur die eksaminator geouditeer word sodat dit in ooreenstemming met nasionale standaarde is en aanbevelings moet gedoen word ten opsigte van die aanvaarding of aanpassing van die onderwyser se punte.

### **Aanbevelings rakende die verandering van interne assesseringsuitslae:**

- Gevolgtrekkings word gemaak (wat op die hele groep of op 'n spesifieke simbool/vlak toegepas sal word) op grond van die bevindings van die modereringsproses.
- Aanbevelings rakende die aanpassing van punte moet duidelik gemotiveer word en op die oorspronklike IEB-puntestate aangeteken word. Indien nodig, moet 'n volledige skriftelike verslag aangeheg word by die gemodereerde puntestate wat aan die IEB gefaks word.
- Korrigeervloeistof mag nie gebruik word nie.
- Alle puntestate moet deur al die onderwysers teenwoordig (buiten die skool se Kunsonderwyser) onderteken word.
- Indien teenstrydighede binne die skoolpunte voorkom wat die moderering van slegs 'n geselekteerde aantal leerders kompliseer, moet die hele groep leerders in 'n sentrum weer gemodereer word.

## **2. MODERERING VAN DIE JAARWERK EN UITSTALLING**

Die Jaarwerk praktiese komponent sluit in:

- EEN Jaarwerkprojek/Produk(te) (30)
- A2-aanbiedingswerk wat met Jaarwerkprojek/Produk(te) verband hou (10)
- Werkboek wat met Jaarwerk verband hou en die ontwerpproses uiteensit (40)
- Uitstalling en aanbieding (20)
- Minstens TWEE lede van die vakgroep moet elke skool in die vakgroep besoek. Waar slegs een of twee leerders by 'n skool gemodereer moet word, kan die vakgroep 'n gesamentlike vergaderplek voorstel wat gerieflik is vir alle partye.
- Die vakgroep moet verseker dat al die spesialiseringdisiplines (visuele kommunikasie-ontwerp, oppervlakontwerp, omgewingsontwerp en produkontwerp) wat tydens nasiensessies vertoon word, tot dieselfde standaard gemodereer word deur middel van die rubrieke wat in die VAR-dokument verskaf word.
- Maatreëls moet getref word om gelyke standaarde tussen verskillende sentrums te verseker. Foto's van werke uit elke simboolgroep moet byvoorbeeld geneem word sodat dit van skool tot skool geraadpleeg kan word.
- Die verwantskap tussen die Werkboek en finale ontwerpopplossing moet oorweeg word wanneer die werk gemodereer word.
- Die Jaarwerk moet deur die vakgroep gemodereer word en verkieslik beskikbaar wees vir moderering deur die Praktiese Eksaminator tydens die assessering van die Praktiese Eksamen, Vraestel II.
- Indien dit nie logisties moontlik is om die Jaarwerk en Vraestel II: Ontwerp Prakties gelyktydig uit te stal nie, is duidelike fotografiese dokumentasie van die werklike Jaarwerkproduk nodig, met die oorspronklike Werkboeke beskikbaar.

### **Vertroulikheid en aanbieding van puntestate**

- Afsonderlike punte moet vir elke individuele komponent van die Jaarwerk opgeteken word.
- Puntestate moet vry wees van korrigeervloeistof en enige wysigings moet deur alle lede van die vakgroep geparafeer word.
- Geen punte mag aan leerders openbaar word nie. Bespreking by modereringslokale bly vertroulik. Die bevindings van die vakgroep en die voorafgaande bespreking mag onder geen omstandighede buite die modereringslokaal bespreek word nie.
- Individuele puntestate moet deur die Vakgroep onderteken word en in die Onderwyserlêer aangebied word vir Nasionale Portefeuljmoderering. Puntestate moet deur alle lede van die vakgroep onderteken word voor dit aan die IEB gefaks word.
- Ondertekende, gemodereerde puntestate moet teen 30 Oktober aan die IEB gefaks word en die oorspronklikes moet volgens instruksies via omsendbrief by die IEB ingedien word.

### **Onreëlmatighede**

- Die IEB moet skriftelik deur die Vakgroepleier verwittig word van onreëlmatighede tydens die vakgroepmodereringsessies. Hierdie briewe van kommer moet voor die eksamenassesseringssessie en die ouditering van jaarpunte by die Assessering-spesialis vir Ontwerp ingedien word.
- Die jaarwerkpunte sal deur die eksaminator geouditeer word sodat dit in ooreenstemming met nasionale standaarde is en aanbevelings moet gedoen word ten opsigte van die aanvaarding of aanpassing van die onderwyser se punte.

### 3. RIGLYNE VIR STREEK-/NASIONALE PORTEFEULJEMODERERING

Alle sentrums sal in kennis gestel word van leerders wat deur die IEB vir moderering gekies is.

Die primêre doel van portefeuljemoderering is om nasienstandaarde binne en oor skole heen te ouditeer om te verseker dat dit van 'n aanvaarbare eenvormige standaard en gelyk aan nasionale standaarde is. Dit is om die geldigheid en betroubaarheid van finale uitslae te verseker.

Interne moderering moet voor streekmoderering plaasvind en die onderwyser se punte moet op die IEB-databasis ingesleutel word en afskrifte van die puntestate moet **teen 30 Oktober** aan die IEB gefaks word. Hierdie puntestate moet deur die onderwyser en skoolhoof onderteken word.

- IEB SGA puntetaal/100

Tydens Nasionale Portefeuljemoderering sal 'n steekproefgroep van 'n sentrum se volledige SGA-portefeuljes vir moderering gekies word. Hierdie seleksie sal hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, deur die IEB-modereringslyste bepaal word. Sommige van hierdie portefeuljes kan deur die Moderator teruggehou word en na Nasionale Moderering in Desember teruggestuur word.

Die modereringsproses sal onderwyserassessering hersien en leerderbewyse korreleer met die oordeel wat deur onderwysers gevel is ten opsigte van hierdie bewys. Die jaarwerkpunte sal deur die eksaminator geouditeer word sodat dit gelyk is aan nasionale standaarde.

Aanbevelings sal gedoen word ten opsigte van die aanvaarding of aanpassing van die onderwyser se punte. Indien aanpassings nodig is, sal 'n skriftelike aanbeveling, duidelik gemotiveer met ondersteunende regverdiging, aan die IEB gedoen word op die Portefeuljemoderator se terugvoervorm.

Indien onreëlmatighede tydens streekportefeuljemoderering ontstaan en deur 'n wesenlike ongelykheid tussen SGA- en Eksamenpunte bevestig word, het die IEB se interne liggaam die gesag om statistiese aanpassing te implementeer.

#### 3.1 ONDERWYSERPORTEFEULJE

ALLE onderwyserportefeuljes moet vir moderering by die IEB ingedien word en moet saam met die leerders se portefeuljes ingedien word.

Sien Bylaag vir die dekblad wat in die onderwyserportefeulje moet wees. Rangskik alle komponente asseblief in die volgorde van die dekblad.

#### Afdeling A – Organisasoriese besonderhede

- SGA-spreitabelle van **spesifieke take** in leerderportefeulje ingesluit
- Spreitabelle van **alle jaarpunte** vir alle leerders
- Rangordelys
- IEB Modereringsseleksielys – onderteken deur onderwyser en skoolhoof
- Vakgroep-/Onderwyserpuntestate – onderteken deur nasieners (d.w.s. praktiese moderering insluitend Bylaag 10)
- Ander – uitsluitingsbriewe of enige ander inligting wat aan Portefeuljemoderators oorgedra moet word

## Afdeling B – Take

Assesseringsinstrumente en duidelike riglyne vir **elke taak** in die SGA-portefeulje:

- Gemeenskaplike Taak vir Assessering (GTA) met rubrieke en plagiaat-kontrolerings
- Opstelopdragte/toetse en verwante assesseringsinstrumente (rubrieke en memoranda)
- Junie se Teorie-eksamen en memo
- Rekordeksamen: Teorie en memorandum
- Ander – uitsluitingsbriewe of enige ander inligting wat aan Portefeulje-moderators oorgedra moet word

### Sleg relevant tot die onderwyser Portefeulje:

- Praktiese projekopdragte en assesseringsinstrumente
- Opdrag vir Aanbieding/Uitstalling/Vertoning en assesseringsinstrumente
- **'n Digitale kopie van ALLE finale werk vir Vraestel 2 Ontwerp Prakties MOET aan die praktiese eksaminatore oorhandig word of in die onderwyserportefeulje ingesluit word.**

Let asseblief op: MOENIE ander inligting soos kwartaalplanne, werkskedules, ens. insluit nie, aangesien dit lêers onnodig lywig maak en nie vir die Eksterne Modereringsproses benodig word nie.

#### 4. MODERERING VAN VRAESTEL II: ONTWERP PRAKTIES

Die eksterne assessering van Ontwerp Vraestel 2: Prakties sal gedurende Oktober voltooi word. Die IEB sal relevante datums vir standaardisering en praktiese moderering sirkuleer.

Onderwysers moet verseker dat die eksamenwerk gereed is vir assessering op die datum wat deur die eksaminator gereël is, tesame met alle ander portefeulje- en administratiewe vereistes.

Die eksterne moderator sal Ontwerp Vraestel 2: Prakties assesseeer volgens die kriteria wat in die eksamenvraestel uiteengesit is. Die Werkboek MOET saam met die Projek self vertoon word.

Die Eksamenprojek en Jaarwerkuitstalling/-aanbieding moet verkieslik gelyktydig langs mekaar vertoon word, aangesien dit dan makliker is om elke leerder se vaardighede en inset te evalueer. Waar dit egter onmoontlik is, sal duidelike foto's van die Jaarwerk met nabyskote van belangrike besonderhede voldoende wees.

Die oorspronklike Werkboek(e) vir die Jaarwerktake moet geredelik beskikbaar wees vir eksterne moderering, indien verlang.

Maatreëls sal getref word om gelyke standaarde tussen verskillende sentrums te verseker en foto's van werke uit elke simboolgroep sal geraadpleeg word.

**'n Digitale kopie van ALLE finale werk vir Vraestel 2 Ontwerp Prakties MOET in die onderwyserportefeulje ingesluit word.**

Final punte mag nie aan óf onderwysers óf leerders openbaar word nie. Die eksaminators sal SKRIFTELIKE individuele terugvoer aan onderwysers verskaf deur die IEB. Algemene terugvoer sal by die Nasionale Gebruikersgroepkonferensie in Februarie van elke jaar aan onderwysers gegee word.

## **BYLAE**

**In belang van die logiese volgorde volg bylae die progressie van die VAR-dokument.**

### **AFDELING 1: Assesseringsinstrumente en ondersteuningsmateriaal vir Ontwerpteorie**

Bylaag 1 – Bloom se Taksonomie

Bylaag 2 – Voorbeeld 1-5: Skryf van opstelle en assesseringsinstrumente vir Ontwerpgeskiedenis

Bylaag 3 – Gids tot verwysing deur die Harvard-metode te gebruik

### **AFDELING 2: Assesseringsinstrumente en ondersteuningsmateriaal vir Ontwerp Prakties**

Bylaag 4 – Voorbeeld 1-7: Assesseringsinstrumente vir Ontwerp praktiese komponent

Bylaag 5 – Ontwerp Vraestel II Riglyne

### **AFDELING 3: Organisasie hulpbronne**

Bylaag 6 – Individuele Leerder SGA-dekblad

Bylaag 7 – Onderwyserportefeuljedekblad

Bylaag 8 – SGA-leerderportefeuljevoldoeningsvorm

Bylaag 9 – Onderwyserportefeuljevoldoeningsvorm

Bylaag 10 – Praktiese Jaarwerk Moderering

## BYLAAG 1



**BLOOM SE TAKSONOMIE**  
**(Aangepas om 7 vlakke in te sluit)**

Vlak	Beskrywing	Verduideliking	Vaardighede demonstreer	Werkwoorde
7	<b>Evaluering</b>	Beoordeel op grond van sekere kriteria	Vergelyk en onderskei tussen idees; assesseer waarde van teorieë, aanbiedings; maak keuses op grond van beredeneerde argumente; verifieer waarde van bewyse; herken subjektiwiteit	Assesseer, besluit, rangskik, gradeer, toets, meet, beveel aan, oorreed, kies, beoordeel, verduidelik, onderskei, ondersteun, maak gevolgtrekking, vergelyk, som op, kritiseer, interpreteer, regverdig
6	<b>Sintese</b>	Die vermoë om elemente bymekaar te voeg om 'n nuwe geheel te vorm	Gebruik ou idees om nuwes te skep, veralgemeen uit gegewe feite, bring kennis uit verskeie gebiede met mekaar in verband, voorspel, maak gevolgtrekkings	Kombineer, integreer, wysig, herrangskik, vervang, beplan, skep, ontwerp, vind uit, wat as?, stel saam, formuleer, berei voor, veralgemeen, herskryf, kategoriseer, stel op, herkonstrueer
5	<b>Ontleding</b>	Die vermoë om 'n geheel in sy samestellende dele te ontbind Elemente ingebed in 'n geheel word geïdentifiseer en die verwantskappe tussen die elemente word herken	Sien patrone, organisasie van dele, herkenning van verborge betekenis en identifikasie van komponente	Ontleed, skei, orden, verduidelik, verbind, klassifiseer, rangskik, verdeel, vergelyk, kies, lei af, ontbind, kontrasteer, onderskei, teken diagram, illustreer
4	<b>Toepassing</b>	Die vermoë om inligting in nuwe situasies te gebruik (of toe te pas)	Gebruik inligting, gebruik metodes, konsepte, teorieë in nuwe situasies, los probleme op deur verlangde vaardighede of kennis te gebruik	Pas toe, demonstreer, bereken, voltooi, illustreer, toon, los op, ondersoek, onderskei, bespreek, brei uit, verstaan, herlei, verdedig, verduidelik, veralgemeen, gee voorbeeld, herskryf
3	<b>Begrip</b>	Eerste vlak van begrip, herroep en verstaan inligting, beskryf betekenis	Verstaan inligting, begryp betekenis, vertaal kennis in nuwe konteks, interpreteer feite, vergelyk, kontrasteer, orden, groepeer, lei oorsake af, voorspel gevolge	Som op, beskryf, interpreteer, kontrasteer, voorspel, assosieer, onderskei, beraam, bespreek, brei uit, verstaan, herlei, verdedig, verduidelik, veralgemeen, gee voorbeeld, herskryf
2	<b>Kennis</b>	Handeling om feite te onthou Slegs herroeping	Waarneming en herroeping van inligting	Lys, definieer, sê, beskryf, identifiseer, toon, ken, benoem, versamel, kies, reproduseer, verbind, herken, ondersoek, tabuleer, haal aan, noem
1	<b>Gefragmenteerde kennis</b>	Herroep kennis met foute	Kan nie akkuraat of samehangend herroep nie; gedeeltelike herroeping	



## BYLAAG 2 – VOORBEELD 1 – Opstelrubriek met vlakbeskrywers

VLAK	Afdeling van opstel	Beskrywers	Punte	Totaal
7	Konteks (5)	Duidelike antwoord op vraag, toepaslike kontekstuele raamwerk relevant vir die antwoord, toon insig ver bo verwagte vlakke van kognitiewe denke, nuwe gesigspunte, toon insig in hoër kognitiewe denke	4 of 5/5	28 – 29
	Inhoud/Feite (7)	Aansienlike diepte van feitelike bespreking, verskaf al die belangrike, relevante punte in 'n feitelik korrekte, akkurate bespreking	7/7	
	Ontleding (10)	Bespreking van werke openbaar 'n uitstekende begrip van ontleding van werke	7/7	
	Struktuur (3)	Inleiding en gevolgtrekking spreek vraag direk aan, argument vloei logies Goed gestruktureerde, sterk, sinvolle skryfwerk	2 of 3/3	
	Terminologie (5)	Uitstekende gebruik van toepaslike terminologie/woordeskat	2 of 3/3	
6	Konteks (5)	Duidelike, akkurate begrip van die onderwerp, goeie insigte uitgedruk	4 of 5/5	25 – 28
	Inhoud/Feite (7)	Aansienlike diepte van feitelike bespreking, verskaf die meeste van die kritieke punte, name van ontwerpers en werke, feitelik korrek, korrek gespel	6 of 7/7	
	Ontleding (10)	Goeie en aansienlike ontleding van werke	6 of 7/7	
	Struktuur (3)	Goed gestruktureerde opstel, inleiding en gevolgtrekking spreek vraag direk aan	2 of 3/3	
	Terminologie (5)	Goeie gebruik van toepaslike terminologie/woordeskat	2 of 3/3	
5	Konteks (5)	'n Redelike antwoord op die vraag, 'n paar goeie insigte	4 of 5/5	20 – 24
	Inhoud/Feite (7)	Meestal feitelik korrek; genoeg relevante en korrekte feite wat gemotiveer word met bewyse in werke, name van ontwerpers en werke korrek gespel	4 of 4/7	
	Ontleding (10)	Genoeg relevante werke bespreek en goeie ontleding	4 of 5/7	
	Struktuur (3)	Gestruktureerde opstel met inleiding en gevolgtrekking	2 of 3/3	
	Terminologie (5)	Gebruik van voldoende toepaslike terminologie	2 of 3/3	
4	Konteks (5)	'n Toereikende antwoord op die vraag, maar gebrek aan kontekstuele duidelikheid, verloor fokus op plekke, maar slaag daarin om 'n paar belangrike feite te noem	3 of 4/5	16 – 19
	Inhoud/Feite (7)	Verskaf goeie feitelike inhoud, maar op plekke ontbreek kritieke fokus; 'n paar feitelike weglatings	3 of 4/7	
	Ontleding (10)	Genoeg relevante werke bespreek en 'n bietjie ontleding	3 of 4/7	
	Struktuur (3)	Gestruktureerde opstel met inleiding en gevolgtrekking	2 of 3/3	
	Terminologie (5)	Gebruik van voldoende toepaslike terminologie	1 of 2/3	
3	Konteks (5)	'n Deurmekaar antwoord, raak verlore op plekke en verloor fokus	1 of 2/5	11 – 15
	Inhoud/Feite (7)	Verskaf 'n paar goeie feite maar nie altyd relevant nie; feitelike weglatings of foute	3 of 4/7	
	Ontleding (10)	Beperkte ontleding van werke	2 of 3/7	
	Struktuur (3)	Mate van struktuur, gefragmenteerde bespreking	1 of 2/3	
	Terminologie (5)	Gebruik bietjie terminologie	1 of 2/3	
2	Konteks (5)	Swak begrip van konteks	1 of 0/5	6 – 10
	Inhoud/Feite (7)	Groot gapings in kennis; herhaling en irrelevansie aanwesig	1 of 2/7	
	Ontleding (10)	Ontoereikende ontleding van werke	1 of 2/7	
	Struktuur (3)	Swak gestruktureer, geen inleiding of gevolgtrekking nie	1 of 0/3	
	Terminologie (5)	Basiese gebruik van terminologie	1 of 0/3	
1	Konteks (5)	Min bewys van kontekstuele begrip	1 of 0/5	0 – 5
	Inhoud/Feite (7)	Groot gapings in kennis; min feitelike inligting	1 of 0/7	
	Ontleding (10)	Verwys nie na ontleding van werke nie	1 of 0/7	
	Struktuur (3)	Baie swak geskryf, ongestruktureer, geen inleiding of gevolgtrekking nie	1 of 0/3	
	Terminologie (5)	Swak gebruik van terminologie	1 of 0/3	

**VOORBEELD 2 – Opstelrubriek**

<b>VLAK</b>	<b>KRITERIA</b>	<b>PUNTE</b>
7	Gestruktureerde, duidelike antwoord op vraag/sterk, sinvolle skryfwerk; verskaf al die belangrike, relevante punte op 'n goed gestruktureerde manier; feitelik korrek; toon insig ver bo verwagte vlakke van kognitiewe denke	29 – 30
6	Verskaf meeste van die kritieke punte; goed gestruktureerde opstel; verstaan die onderwerp; feitelik korrek; toon insig in hoër kognitiewe denke	25 – 28
5	Verskaf goeie feitelike inhoud maar kritieke fokus ontbreek op plekke; 'n paar feitelike weglatings; meestal feitelik korrek; goeie insig	20 – 24
4	Verskaf goeie feite maar nie altyd relevant nie; verloor fokus op plekke; feitelike weglatings of foute	16 – 19
3	Raak verlore op plekke en verloor fokus; maar slaag daarin om 'n paar belangrike feite te noem	11– 15
2	Groot gapings in kennis; herhaling en irrelevansie aanwesig; swak gestruktureer	6 – 10
1	Groot gapings in kennis; min feitelike inligting; swak begrip van konteks; swak geskryf	0 – 5

**VOORBEELD 3 – Opstelassesseringsrooster**

<b>AFDELING</b>	<b>KRITERIA</b>	<b>PUNTE-TOEKENNING</b>	<b>PUNTE TOEGEKEN</b>
<b>Beantwoording van die vraag</b>	Het die leerder die vraag en onderwerp wat gestel is, aangespreek? Maak die leerder 'n toepaslike gevolgtrekking? Word daar enige nuwe gesigspunte uitgedruk? Motivering vir gevolgtrekking.	7	
<b>Feite</b>	Dra die leerder 'n akkurate begrip van die betrokke beweging(s) oor? Het die leerder die toepaslike kontekstuele raamwerk relevant vir die antwoord ingesluit? Is daar genoeg relevante en korrekte feite wat met bewyse in ontwerpe gemotiveer word? Word daar genoeg relevante ontwerpe bespreek, word dit korrek gespel? Is daar 'n begrip van ontleding van ontwerpe?	18	
<b>Struktuur</b>	Is daar 'n toepaslike inleiding, hoofdeel en gevolgtrekking? Vloei die argument logies?	2	
<b>Ontwerp-jargon</b>	Is daar 'n toepaslike gebruik van terminologie/ ontwerpjargon?	3	
<b>Puntetotaal</b>	Kommentaar:	30	

**VOORBEELD 4 – Opstelkontrolelys**

<b>ARGUMENT EN STRUKTUUR VAN OPSTEL</b>	<b>0</b>	<b>1</b>
<b>GOED BEPLAN EN GESTRUKTUREER/STYL</b>		
met duidelike inleiding		
en gevolgtrekking		
samehangende ontwikkeling van argument		
duidelike uitleg van argument deur gebruik van paragrawe		
<b>1. OPSTEL FOKUS OP EN HOU VERBAND MET VRAAG</b>		
kennis en begrip is sterk		
die argument fokus op die vraag		
die argument dek alle aspekte van die vraag		
<b>2. ONTLEDING</b>		
Die leerder sluit relevante visuele ontleding in		
<b>3. DIE ARGUMENT WORD ONDERSTEUN DEUR VERWYSING NA ONTWERPE</b>		
daar is duidelike verwysings		
toepaslike voorbeelde word verskaf		

**VOORBEELD 5 – Opstelassesseringsrooster**

<b>Gebied</b>	<b>Beskrywers</b>	<b>Punte</b>	
Beantwoording van die vraag/ Argument/ Konteks	Duidelike antwoord op vraag, toepaslike kontekstuele raamwerk relevant vir die antwoord, toon insig ver bo verwagte vlakke van kognitiewe denke, nuwe gesigspunte, toon insig in hoër kognitiewe denke	(7)	
Inhoud/Feite	Aansienlike diepte van feitlike bespreking, verskaf al die belangrike, relevante punte in 'n feitelik korrekte, akkurate bespreking	(9)	
Ontleding	Bespreking van werke openbaar 'n uitstekende begrip van ontleding van werke	(9)	
Struktuur	Inleiding en gevolgtrekking spreek vraag direk aan, argument vloei logies Goed gestruktureerde, sterk, sinvolle skryfwerk	(2)	
Terminologie	Uitstekende gebruik van toepaslike terminologie/woordeskat	(3)	
<b>TOTAAL</b>		<b>30</b>	

## BYLAAG 3



**VERWYSINGSTEGNIEKE:  
VERKORTE HARVARD-METODE VIR  
NAVORSINGSPROJEKTE**

### 1. Wat is verwysing?

Verwysing is 'n gestandaardiseerde metode om bronne van inligting en idees wat in 'n opdrag/opstel/projek gebruik is te erken op 'n manier wat die bron uniek identifiseer. Direkte aanhalings, feite en syfers, sowel as idees en teorieë uit beide gepubliseerde en ongepubliseerde werke moet erken word. In die stelsel van die Verkorte Harvard-metode word die outeur se naam eerste gegee, gevolg deur die publikasiedatum binne die teks van die opdrag. 'n Bronnelys aan die einde van die opdrag bevat volledige besonderhede van al die teksverwysings.

### 2. Waarom verwys?

Verwysing is nodig om plagiaat te voorkom; om die leser in staat te stel om aanhalings te verifieer; en om lesers in staat te stel om op te volg en die aangehaalde outeur se argumente meer volledig te lees. Verwysing word ook gebruik om die intellektuele eiendom van outeurs wat baie ure aan navorsing oor belangstellingsonderwerpe bestee het, te beskerm. Dit is ons verantwoordelikheid om hierdie eiendom te respekteer en die bron te erken van enige materiaal wat ons dalk in ons eie navorsing gebruik.

### 3. Stappe betrokke by verwysing:

Skryf die volle bibliografiese besonderhede neer, met inbegrip van die bladsy-nummer(s) waaruit die inligting geneem is.

<b>In die geval van 'n boek verwys 'bibliografiese besonderhede' na:</b>	<b>In die geval van 'n artikel in 'n vaktydskrif/tydskrif/koerant verwys dit na:</b>	<b>In die geval van elektroniese inligting verwys dit na:</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• outeur/redakteur</li> <li>• jaar van publikasie (geen publikasiedatum nie word aangedui met n.d.)</li> <li>• titel van die boek (<i>kursief</i> of <u>onderstreep</u>)</li> <li>• uitgawe</li> <li>• volumenummer</li> <li>• plek van publikasie en uitgewer</li> </ul> <p>(Nie al hierdie besonderhede sal noodwendig van toepassing wees nie.)</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• outeur van artikel</li> <li>• jaar van publikasie</li> <li>• titel van artikel</li> <li>• vaktydskrif/volgpublikasie (<i>kursief</i> of <u>onderstreep</u>)</li> <li>• volumenummer</li> <li>• uitgawenummer</li> <li>• bladsynommers waarop die artikel verskyn</li> </ul> <p>(Al hierdie besonderhede sal nie noodwendig van toepassing wees nie.)</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• outeur/redakteur</li> <li>• jaar van publikasie</li> <li>• titel van artikel</li> <li>• vaktydskriftitel (<i>kursief</i> of <u>onderstreep</u>)</li> <li>• die tipe medium (bv. 'CD-ROM', 'Online')</li> <li>• bladsye of lengte</li> <li>• 'available'-stelling (bv. www-adres, verskaffer en naam van elektroniese databasis, e-posadres)</li> <li>• toegangsdatum (dit is die datum wat onderaan die bladsy verskyn wanneer 'n webblad gedruk word)</li> </ul> <p>(Al hierdie besonderhede sal nie noodwendig van toepassing wees nie.)</p>

Sodra die inligting ingesamel is, sal dit as 'n 'sin' geskryf word terwyl die volgorde van die inligting gehou word soos hierbo gegee, byvoorbeeld:

Adam-Smith, P. 1978. *Art of the Aborigines*. Melbourne: Thomas Nelson.

Voeg die aanhaling op die toepaslike plek in die teks van die dokument in (sien voorbeelde hieronder).

Verskaf 'n bronnelys aan die einde van die dokument (sien voorbeelde hieronder).

#### 4. 4.1 **Hoe om na aanhalings binne die teks van 'n opdrag/opstel/projek te verwys**

Wanneer verwysings binne die teks van 'n opdrag aangehaal word, gebruik slegs die naam van die outeur, gevolg deur die jaar van publikasie en die bladsynommer na 'n dubbelpunt, byvoorbeeld:

Berman (1994:85) verklaar dat ... OF Die teorie is aanvanklik in 1990 geformuleer (Berman 1994).

Wanneer direk uit 'n ander bron aangehaal word, maak seker dat aanhalings-tekens gebruik word en die betrokke bladsynommer(s) gegee word, byvoorbeeld:

Berman (1994:23) het opgemerk 'baie van die feite in hierdie saak is verkeerd'.

#### 4.2 **Werke met geen outeur nie**

Wanneer 'n werk geen outeur het nie of die outeur anoniem is, noem in die teks die eerste paar woorde van die bronnelysinskrywing (gewoonlik die titel) en die jaar. Gebruik **kursiewe druk** vir die titel soos volg:

Dit was oënskynlik nie die geval in die twintigste eeu wat kuns in Suid-Afrika betref nie (*Die Ontwikkeling van Kuns in Suid-Afrika* 2013).

#### 4.3 **Veelvuldige outeurs**

Wanneer 'n werk deur twee of drie outeurs aan die einde van 'n sin aangehaal word, sien die teksverwysing soos volg daar uit:

Dit het tot die ontwikkeling van Oorgangskuns gelei (Nettleton & Hammond-Tooke 1989:10).

Wanneer die outeurs se name in die teks voorkom, word die **ampersand** met 'en' vervang:

Nettleton **en** Hammond-Tooke (1989) kon nie ...

Vir 'n werk wat meer as drie outeurs het, word slegs die van van die eerste gelyste outeur gebruik, gevolg deur die uitdrukking 'et al.' (of 'en ander'). 'n Werk deur Nettleton, Smith, Krieland, Van Wouw, word byvoorbeeld:

Nettleton et al. (1987) het bevind ... **OF** ... is die beste voorbeeld (Nettleton et al. 1989:19).

#### 4.3 **Verwysing na 'n webwerf**

Om 'n webblad binne die teks van 'n opdrag aan te haal, gee die adres van die webwerf (bv. <<http://www.apa.org>>). Om 'n dokument op 'n webwerf aan te haal, moet jy die formaat van outeur, datum, ens. volg. In albei gevalle sal 'n inskrywing in die bronnelys steeds nodig wees.

## 5. Hoe om 'n bronnelys te skep

'n Lys van verwysings bevat besonderhede slegs van daardie werke wat in die teks genoem word. Die bronnelys word alfabeties volgens outeur gerangskik. Waar 'n item geen outeur het nie, word dit onder die titel genoem en in die bronnelys of bibliografie opgeneem in die volgorde van die eerste betekenisvolle woord van die titel. **Neem kennis van die gebruik van puntuasie in die Bronnelys.** Die Harvard-styl vereis dat die tweede en daaropvolgende reëls van die verwysing ingekeep moet word, soos hieronder getoon, om die alfabetiese volgorde uit te lig. Die naam van die outeur kan in klein- of hoofletters geskryf word.

### 5.1 Voorbeelde van tipes gedrukte verwysings:

#### 5.1.1 Boek

Bibliografiese besonderhede word in hierdie volgorde rangskik:

Outeur/redakteur(s)	Berman, E.
Jaar van publikasie	1994.
Titel van boek ( <u>onderstreep</u> of <i>kursief</i> )	<u>Art and artists in South Africa.</u>
Uitgawe van boek	4 <sup>th</sup> edition.
Plek van publikasie	Halfway House:
Uitgewer	MacMillan Education.
Berman, E. 1994. <i>Art and artists in South Africa</i> . 4 <sup>th</sup> edition. Halfway House: Macmillan Education.	

#### 5.1.2 Boek met 'n enkele outeur

Adam-Smith, P. 1978. *Art of the Aborigines*. Melbourne: Thomas Nelson.

#### 5.1.3 Boek met 2 outeurs

Butler, J. D. & Walbert, D. F. (eds) 1986. *South African Art*. Pretoria: Sonneblom Pers.

#### 5.1.4 Boek met 3 of meer outeurs

In die geval meer as twee outeurs word die aanvanklike name deur kommas geskei en die laaste twee deur die ampersand.

Nida, E. A., Lou, J. P., Snyman, A. H. & Cronje, J. v. W. 1983. *Style and Discourse*. Johannesburg: Sonneblom Pers.

#### 5.1.5 Publikasies deur 'n redakteur saamgestel

Die naam van die redakteur verskyn in die bibliografie.

Walther, I. F. (ed.) 2005. *Art of the 20<sup>th</sup> Century*. Köln: Taschen.

#### 5.1.6 Publikasies onder redaksionele leiding

In die geval van boeke soos woordeboeke of ensiklopedieë wat onder redaksionele leiding uitgegee word, word die inskrywing in die bibliografie ook onder die naam van die publikasie gedoen en die redakteur(s) word op die volgende manier genoem:

*Longman Dictionary of Contemporary English*, edited by P. Procter (Editor-in-Chief). 1978. Bath: Pitman Press.

### 5.1.7 Artikel in vaktydskrif/tydskrif/koerant

Bibliografiese besonderhede word in hierdie volgorde rangskik:

- Outeur van artikel
- Jaar van publikasie
- Titel van artikel
- Titel van tydskrif/koerant/vaktydskrif
- Volume van tydskrif /koerant/vaktydskrif
- Datum van publikasie (dag en maand) en bladsynommers van artikel

### 5.1.8 Artikel

Dewhirst, C. 1986. Klee in the classroom. *Scholastic Art*, vol. 1, no. 4, pp. 44–45.

### 5.1.9 Artikel (geen outeur nie)

Discovered: Unknown Turners. 1969. *British Art Journal* 1, 529–530.

### 5.1.10 Koerantartikel

Legge, K. 1987. Surrealism: The 'Dali Factor'. *Times on Sunday*, 1 February, p. 2.

### 5.1.11 Meer as een item deur dieselfde outeur in dieselfde jaar gepubliseer:

Dewhirst, C. 1986a. Klee in the classroom. *Scholastic Art*, vol. 1, no. 4, pp. 44–45.

Dewhirst, C., 1986b. Rembrandt: The teacher of drawing. *World Art Journal*, vol. 1, no. 5, pp. 32–39.

## 5.2 Voorbeelde van ander tipes verwysings:

### 5.2.1 Persoonlike gesprek/onderhoud

Siopis, P. 2002. Interview with Artist. 14 April. Johannesburg.

### 5.2.2 Illustrasies en beelde

- Vir illustrasies of beelde moet die inskrywing in jou bibliografie of bronnelys die volgende insluit:  
Skepper. Jaar. *Titel*. Materiaaltipe. At: of In: Plek.  
*Voorbeeld*: Gosse, S. 1912. *The garden, Rowlandson House*. Etching and aquatint, At: London: British Museum, Department of Prints and Drawings. Register number 1915-27-41.
- Vir aanlynbeelde:  
Skepper. Jaar. *Titel* [online]. Available from: BA. [Accessed datum].  
*Voorbeeld*: N.A.S.A. 2005. *Estonia/aurora borealis, moon, Helsinki* [online]. Available from:  
<http://nix.ksc.nasa.gov/info;jsessionid=d7ts6ttdo0t9q?id=ISS011-E-12415&orgid=3> [Accessed 10 October 2006].

### 5.3 Voorbeelde van tipes elektroniese verwysings:

#### 5.3.1 Tydskrif-/koerantartikel/Wêreldwye Web of ander elektroniese databasis

Bibliografiese besonderhede word in hierdie volgorde rangskik:

- Outeur van artikel (kyk aan die einde van artikel)
- Jaar van publikasie
- Artikeletitel (gee onderwerp wat jy nageslaan het en titel van webwerf in kursiewe druk)
- Tipe medium (gebruik 'Electronic' as jy onseker is of dit aanlyn of 'n CD-ROM op die netwerk is)
- Datum wanneer bron die laaste keer bygewerk is
- Naam van forum of instelling
- 'Available'-stelling: verskaffer/databasis
- Naam/identifiseerder of nommer indien beskikbaar/item of aanwinstnommer indien beskikbaar.
- BA vir bladsy tussen <> (dit is die webadres)
- Datum besoek (dit is die datum waarop jy werklik na die webblad gekyk het)

#### 5.3.2 CD-ROM

Vir 'n CD-ROM moet die leser weet:

Outeur se van en voorletters. Datum. *Titel* (kursief of onderstreep) [CD-ROM]. Plek van publikasie: Uitgewer.

Voorbeeld: Paris, G. 2004. *A visit to Rodin's House*. [CD-ROM]. May 2004. Paris: Musée Rodin.

#### 5.3.3 Wêreldwye Web

**Bibliografiese besonderhede van Wêreldwye Webblaaie met een outeur:**

Beckleheimer, J. 1994. How do you cite URLs in a bibliography? [Online] Available: <<http://www.nrlssc.navy.mil/meta/bibliography.html>> Accessed 12/08/2007.

**Wêreldwye Webbladsy met geen outeur nie:**

Educating America for the 21st Century: *Developing a strategic plan for educational leadership for Columbia University*. 1993 – 2000. (Initial workshop draft) 1994. [Online] Available: <<http://www.ilt.columbia.edu>> Accessed 12/08/2007.

**Wêreldwye Webbladsy met geen publikasiedatum nie:**

Prizker, T. J. n.d. *An early fragment from central Nepal*. [Online] Available: <<http://library.regencystudent.com/referencing.html>>



## BYLAAG 4



**VOORBEELDE VAN ASSESSERINGSINSTRUMENTE VIR  
ONTWERP PRAKTIES  
VOORBEELD 1 – ASSESSERINGSHULPMIDDEL**

VEREISTES		KRITERIA	PUNTE	
<b>Die Ontwerpproses</b> <i>Die leerder kan die ontwerpproses van konseptualisering tot realisering verstaan.</i>	Die Werkboek <ul style="list-style-type: none"> <li>• Identifiseer</li> <li>• Ontleed</li> <li>• Vors na</li> <li>• Genereer</li> <li>• Spesifiseer</li> <li>• Beplan</li> <li>• Maak</li> <li>• Evalueer</li> <li>• Bestuur</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik van tipografiese style, opskrifte en hoofdeel</li> <li>• Uitlegontwerp</li> <li>• Grafiese kommunikasie (simbole/diagramme/beelde, stemmingsborde...)</li> <li>• Tekenvaardighede</li> <li>• Aanbiedingstegnieke</li> <li>• Gebruik van verskeidenheid media</li> <li>• Voorbeeldbord</li> <li>• Spreitabel – begroting, tydskedule</li> <li>• Produksie-/aanbiedingstekening</li> </ul>	50	
<b>Ontwerpproduksie</b> <i>Die leerder kan werk in die gekose dissipline(s) produseer en aanbied wat 'n begrip toon van ontwerpvaardighede en produksieprosesse.</i>	Finale produk(te) en aanbiedingswerke	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwerpoorspronklikheid/kreatiwiteit</li> <li>• Funksionaliteit</li> <li>• Gebruik van materiale</li> <li>• Konstruksie/montering</li> <li>• Afwerking en aanbieding</li> </ul>	50	
<b>Totaal</b>			100	

**VOORBEELD 2 – VERALGEMEENDE PRAKTIESE RUBRIEK**

7	'n Baie dinamiese, opvallende en/of sterk ontwerpstelling wat belangstelling wek en kreatief uitgevoer is. Uitstekende gebruik van ontwerpelemente. 'n Graad van professionalisme is behaal.	<b>80 – 100</b>
6	'n Baie dinamiese, opvallende en/of sterk ontwerpstelling wat belangstelling wek en kreatief uitgevoer is. Baie goeie gebruik van ontwerpelemente. Die ontwerp is baie goed afgewerk en aangebied.	<b>70 – 79</b>
5	'n Opvallende en/of sterk ontwerpstelling wat belangstelling wek en kreatief uitgevoer is. Goeie gebruik van ontwerpelemente. Die ontwerp is goed afgewerk en aangebied.	<b>60 – 69</b>
4	'n Redelike ontwerpstelling wat belangstelling wek en redelik goed uitgevoer is. 'n Paar ontwerpelemente is gebruik. Die algehele aanbieding en afwerking is net bevredigend.	<b>50 – 59</b>
3	'n Billike ontwerpstelling wat 'n mate van belangstelling wek, maar soms gebrekkig is. 'n Paar ontwerpelemente is gebruik. Die algehele aanbieding en afwerking is swak.	<b>40 – 49</b>
2	Swak poging met min aandag aan die vereistes geskenk. Swak gebruik van ontwerpelemente. Swak aanbieding en afwerking.	<b>30 – 39</b>
1	Min of geen poging aangewend nie.	<b>0 – 29</b>

**VOORBEELD 3 – ASSESSERINGSHULPMIDDEL**

Breë Onderwerp	Kriteria	/10		Kommentaar	Vlak
Ontwerpproses	Graad van nakoming van opdrag	10			
	Ontwerpproses: bewys van voorbereiding en ontwerpontwikkeling	20			
	Werkboek: kommunikasie en aanbieding	20			
Ontwerpproduksie	Konsep – realisering en tegniek	10			
	Beplanning, organisering en bestuur	10			
	Meesterskap van materiale, tegnieke en prosesse	15			
	Estetika en funksionaliteit	15			
	Totaal 100	100	%		Vlak

**VOORBEELD 4 – VERALGEMEENDE RUBRIEK VIR TEGNIESE TEKENING**

7	'n Groot verskeidenheid tegnieke is uitstekend gebruik. Uitstekende voorbeelde van eksperimentering duidelik, terwyl die meganiese voorwerpe steeds herkenbaar is. Daar is 16 tekeninge of meer. Die boek is oorspronklik, opwindend en goed aangebied.	80 – 100
6	'n Groot verskeidenheid tegnieke is baie suksesvol gebruik. Baie goeie voorbeelde van eksperimentering duidelik, terwyl die meganiese voorwerpe steeds herkenbaar is. Daar is 16 tekeninge of meer. Die boek is oorspronklik en goed aangebied.	70 – 79
5	'n Verskeidenheid tegnieke is suksesvol gebruik. Goeie voorbeelde van eksperimentering duidelik, terwyl die meganiese voorwerpe steeds herkenbaar is. Daar is 16 tekeninge. Die boek is redelik oorspronklik en goed aangebied.	60 – 69
4	'n Verskeidenheid tegnieke is aangepak, maar met onvoldoende eksperimentering. Die voorwerpe is herkenbaar/redelik herkenbaar. Daar is 16 tekeninge. Die boek is redelik goed aangebied.	50 – 59
3	Die tegnieke wat gebruik is, is nie uiteenlopend genoeg nie en daar is 'n gebrek aan eksperimentering. Die voorwerpe is redelik herkenbaar. Daar is 16 tekeninge. Die boek is aangebied met tegniese gebreke/met swak aanbiedingsvaardighede duidelik.	40 – 49
2	Die tegnieke wat gebruik is, is nie uiteenlopend genoeg nie en swak gedoen. Daar is te veel ooreenkoms in tekentegnieke wat gebruik is. Die voorwerpe is óf skaars herkenbaar óf herkenbaar maar swak geteken. Daar is 16 tekeninge of minder. Die boek is nie goed aangebied nie.	30 – 39
1	Min of geen poging aangewend nie.	0 – 29

**INSERT PRACTICAL EXAM GUIDELINES AS ADDENDUM 5**

**VOORBEELD 6 – GEDETAILLEERDE RUBRIEK VIR WERKBOEK EN PRODUK(TE)**

UITKOMSTE	KRITERIA	VLAK	PRAKTIESE ASSESSERING VAN ONTWERP VLAKBESKRYWERS	PUNTE	PUNTE TOEGEKEN	
Ontwerp- proses  50	Innovasie en kreatiwiteit; oorspronklikheid van idees; tematiese eenheid; betrokkenheid in werk weerspieël; geheelindruk.					
	Ontwerp- konseptualisering	7	Kreatiewe en innoverende portefeulje van oorspronklike ontwerplossings, oortref meeste vlakke van verwagting		8 – 10	
		6	Indrukwekkende en oorspronklike portefeulje van ontwerplossings		7 – 8	
		5	Besliste portefeulje van werk bestaande uit oorspronklike ontwerplossings		6 – 7	
		4	Redelike portefeulje van werk wat aan sommige vlakke van verwagting voldoen		5 – 6	
		3	Samehangende portefeulje van werk bestaande uit ontwerplossings		4 – 5	
		2	Beperkte portefeulje van werk, kom nabootsend voor		3 – 4	
		1	Ontoereikende portefeulje van werk, willekeurig, nabootsend		0 – 3	
	Motivering vir die ontwerpe; probleemoplossing en antwoord op geloofwaardige behoeftes, probleme en geleenthede, byvoorbeeld markbehoefte, ergonomiese oorwegings, omgewingsrasionaal; begrip van verantwoordelike ontwerp deur menseregtekwekking in ag te neem, byvoorbeeld plaaslike kultuur; gesondheid en veiligheid met spesifieke verwysing na MIV/VIGS, geslag en partydigheid.					
	Ontwerprasionaal	7	Vertoon 'n uitstaande waardering vir die beginsels van verantwoordelike ontwerp, estetika en funksionaliteit		8 – 10	
		6	Vertoon goeie bedrewenheid in en waardering vir die beginsels van verantwoordelike ontwerp, estetika en funksionaliteit		7 – 8	
		5	Vertoon bedrewenheid in en waardering vir die beginsels van verantwoordelike ontwerp, estetika en funksionaliteit		6 – 7	
		4	Vertoon voldoende bedrewenheid in en waardering vir die beginsels van verantwoordelike ontwerp, estetika en funksionaliteit		5 – 6	
		3	Matige bewustheid van die beginsels van verantwoordelike ontwerp, estetika en funksionaliteit		4 – 5	
		2	Beperkte bewustheid van die beginsels van verantwoordelike ontwerp, estetika en funksionaliteit		3 – 4	
1		Min of geen bewustheid van die beginsels van verantwoordelike ontwerp, estetika en funksionaliteit nie		0 – 3		
Betrokkenheid by die ontwerpproses en beginsels van estetika en funksionaliteit; interpreteer, gebruik en verduidelik die keuse van ontwerpelemente, beginsels en materiale in die finale produk, diens of omgewing; weerspieël in beide die werklike ontwerpprodukte en Werkboek.						

<b>Proseskomponent</b>	7	Uitstaande en aansienlike bewys van 'n grondige begrip van die onderling verbonde aard van die beplanning-, uitvoering- en besinningsiklus deur die ontwerpproses	8 – 10
	6	Goeie en aansienlike bewys van betrokkenheid by en begrip van die beplanning-, uitvoering- en besinningsiklus deur die ontwerpproses	7 – 8
	5	Aansienlike bewys van betrokkenheid by en vaardigheid in die beplanning-, uitvoering- en besinningsiklus deur die ontwerpproses	6 – 7
	4	Billike bewys van betrokkenheid by en vaardigheid in die beplanning-, uitvoering- en besinningsiklus deur die ontwerpproses	5 – 6
	3	Matige bewys van betrokkenheid by die beplanning-, uitvoering- en besinningsiklus deur die ontwerpproses	4 – 5
	2	Beperkte bewys van betrokkenheid by die ontwerpproses	3 – 4
	1	Min of geen bewys van betrokkenheid by die ontwerpproses nie	0 – 3
<b>Verkenning en eksperimentering</b>	7	Uitstaande en aansienlike bewys van 'n grondige begrip van die onderling verbonde aard van die beplanning-, uitvoering- en besinningsiklus deur die ontwerpproses	8 – 10
	6	Goeie en aansienlike bewys van betrokkenheid by en begrip van die beplanning-, uitvoering- en besinningsiklus deur die ontwerpproses	7 – 8
	5	Aansienlike bewys van betrokkenheid by en vaardigheid in die beplanning-, uitvoering- en besinningsiklus deur die ontwerpproses	6 – 7
	4	Redelike bewys van betrokkenheid by en vaardigheid in die beplanning-, uitvoering- en besinningsiklus deur die ontwerpproses	5 – 6
	3	Matige bewys van betrokkenheid by die beplanning-, uitvoering- en besinningsiklus deur die ontwerpproses	4 – 5
	2	Beperkte bewys van betrokkenheid by die ontwerpproses	3 – 4
	1	Min of geen bewys van betrokkenheid by die ontwerpproses nie	0 – 3

<b>Ontwerp- produksie</b>  50	Dra 'n ontwerpopplossing effektief oor op 'n verskeidenheid van maniere om waar te neem en beelde te skep en konsepte uit te druk, byvoorbeeld tekeninge, collage, konstruksie, digitale tegnieke, modelle, breinkaarte.			
	<b>Visualisering</b>	7	Wye reeks hoogs suksesvolle kommunikasievaardighede en toepaslike visualiseringsmetodes gebruik om bedoeling oor te dra; demonstreer inisiatief en bedrewenheid	8 – 10
		6	Demonstreer inisiatief en bedrewenheid in toepaslike visualiseringsmetodes	7 – 8
		5	Demonstreer bedrewenheid in toepaslike visualiseringsmetodes	6 – 7
		4	Demonstreer matige bedrewenheid in gekose visualiseringsmetodes, ontwerp-toepassings, materiale	5 – 6
		3	Demonstreer basiese bedrewenheid in gekose visualiseringsmetodes, ontwerp-toepassings, materiale	4 – 5
		2	Praktiese werk demonstreer 'n beperkte poging om visualiseringsmetodes te gebruik	3 – 4
		1	Min of geen bewys nie	0 – 3
	Demonstreer bedrewenheid in gekose materiale en tegnieke om ontwerpopplossings te skep. Gebruik van materiale, tegnieke en toerusting, funksionaliteit en goeie handwerkvaardighede – afwerking van produkte			
	<b>Tegniese vaardighede</b>	7	Uitstaande graad van tegniese bedrewenheid in die gebruik van materiale en prosesse; vertoon kennis en waardering vir die gebruik van materiale wat veilig en toeganklik is vir almal, professionele afwerking vir produkte, en toerusting, tegnieke en prosesse op 'n gedissiplineerde en verantwoordelike manier	8 – 10
		6	Goeie graad van tegniese bedrewenheid in die gebruik van materiale en prosesse; vertoon kennis en waardering vir die gebruik van materiale wat veilig en toeganklik is vir almal, professionele afwerking vir produkte, en toerusting, tegnieke en prosesse op 'n gedissiplineerde en verantwoordelike manier	7 – 8
		5	Demonstreer redelike bedrewenheid in materiale, toerusting, tegnieke en prosesse op 'n gedissiplineerde en verantwoordelike manier	6 – 7
		4	Demonstreer matige bedrewenheid in materiale, toerusting, tegnieke en prosesse op 'n gedissiplineerde en verantwoordelike manier	5 – 6
		3	Demonstreer basiese bedrewenheid in materiale, toerusting, tegnieke en prosesse op 'n gedissiplineerde en verantwoordelike manier	4 – 5
		2	Praktiese werk demonstreer 'n beperkte poging om visualiseringsmetodes, materiale, toerusting, tegnieke en prosesse te gebruik	3 – 4
		1	Min of geen bewys nie, slordige afwerking en vakmanskap	0 – 3
	Seleksie en verkenning van 'n verskeidenheid materiale, metodes, toerusting en tegnieke wat in die ontwerpproses gebruik kan word. Demonstreer 'n bewustheid van die verskillende materiale en produksieprosesse relevant vir die gekose dissipline(s).			
	<b>Ontwerp- toepassings en -prosesse</b>	7	Uitstaande portefeulje van werk, produksieplanne en evaluering	8 – 10
6		Demonstreer ontwerp-toepassing, materiale, toerusting, tegnieke en prosesse op 'n gedissiplineerde en verantwoordelike manier	7 – 8	
5		Besliste portefeulje van werk bestaande uit oorspronklike ontwerpopplossings wat bedrewenheid demonstreer in toepaslike visualiseringsmetodes, ontwerp-toepassings, materiale, toerusting, tegnieke en prosesse op 'n gedissiplineerde en verantwoordelike manier	6 – 7	
4		Samehangende portefeulje van werk bestaande uit oorspronklike ontwerpopplossings wat basiese bedrewenheid demonstreer in gekose visualiseringsmetodes, ontwerp-toepassings, materiale, toerusting, tegnieke en prosesse op 'n gedissiplineerde en verantwoordelike manier	5 – 6	

		3	Voldoende portefeulje van werk bestaande uit oorspronklike ontwerplossings wat basiese bedreweheid demonstreer in gekose visualiseringsmetodes, ontwerp toepassings, materiale, toerusting, tegnieke en prosesse op 'n gedissiplineerde en verantwoordelike manier	4 – 5	
		2	Praktiese werk demonstreer 'n beperkte poging om visualiseringsmetodes, ontwerp toepassings, materiale, toerusting, tegnieke en prosesse te gebruik	3 – 4	
		1	Min of geen bewys van eksperimentering met visualiseringsmetodes, ontwerp toepassings, materiale, toerusting, tegnieke en prosesse nie	0 – 3	
Professionele aanbieding en uitstalling van werk, gebruik van komposisie en rangskikking van werke, opskrifte					
	<b>Finale aanbieding</b>	7	Hoogs effektiewe, professionele montering en opskrifte, naam en eksamenommer word duidelik vertoon	8 – 10	
		6	Effektiewe en indrukwekkende uitstalling, monterings aanwesig	7 – 8	
		5	Suksesvolle uitstalling, monterings aanwesig	6 – 7	
		4	Samehangende uitstalling, monterings aanwesig	5 – 6	
		3	Toereikende uitstalling, monterings aanwesig	4 – 5	
		2	Uitstalling swak en onprofessioneel, monterings skeef en lukraak, etikette met die hand geskryf	3 – 4	
		1	Uitstalling lukraak, werke gemonteer en geen gebruik van opskrifte of etikette nie	0 – 3	
Relevansie vir ontwerpiniisiëring: impak op sosiale, kulturele, tegnologiese, omgewings- en ekonomiese sfere					
	<b>Algehele kontekstuele impak</b>	7	Uitmuntend	8 – 10	
		6	Verdiensielik	7 – 8	
		5	Beduidend	6 – 7	
		4	Voldoende	5 – 6	
		3	Matig	4 – 5	
		2	Basies	3 – 4	
		1	Ontoereikend	0 – 3	

Kommentaar:	100	
-------------	-----	--

<b>7</b> <b>Uitmuntende</b> <b>prestasi</b> <b>8 – 10</b>	<b>6</b> <b>Verdienslike</b> <b>prestasi</b> <b>7 – 8</b>	<b>5</b> <b>Beduidende prestasi</b> <b>6 – 7</b>	<b>4</b> <b>Voldoende prestasi</b> <b>5 – 6</b>	<b>3</b> <b>Matige prestasi</b> <b>4 – 5</b>	<b>2</b> <b>Basiese prestasi</b> <b>3 – 4</b>	<b>1</b> <b>Ontoereikende</b> <b>prestasi</b> <b>0 – 3</b>
--	--	--	---	--	---	---

## VOORBEELD 7 – RUBRIEK VIR KORPORATIEWE IDENTITEIT

<b>KORPORATIEWE IDENTITEIT PROJEK – BESIGHEIDSKAARTJIE</b>	<b>1 Nie bereik nie 0 – 29%</b>	<b>2 Basies 30 – 39%</b>	<b>3 Matig 40 – 49%</b>	<b>4 Voldoende 50 – 59%</b>	<b>5 Beduidend 60 – 69%</b>	<b>6 Verdiensielik 70 – 79%</b>	<b>7 Uitmuntend 80 – 100%</b>
<b>BESIGHEIDSKAARTJIE, NAVORSING EN DINKSKRUMS</b>							
Identifiseer die behoefte of die probleem van die opdrag							
Eksperimenteer met verskillende benaderings/ontwerpe vir besigheidskaartjie							
Los probleme kreatief/innoverend op							
Het baie idees/benaderings van die ontwerp							
<b>ONTWERPBEGINSELS/ ELEMENTE</b>							
Verstaan ontwerpbeginsels							
Goeie integrasie van teks en beeld							
Toepaslike keuse van teks							
Verskeidenheid en sorgvuldige seleksie van idees							
<b>FINALE BESIGHEIDSKAARTJIE</b>							
Toepaslike en opwindende gebruik van kleur							
Vaardige gebruik van media							
Tipografie netjies en goed weergegee							
Oorspronklike en innoverende idee							
<b>TYDBESTUUR</b>							
Selfgedissiplineerd/verbind tot die taak							
Kan eie werk beplan/organiseer/bestuur							
Hou by tydskedules							
<b>AANBIEDING</b>							
Besigheidskaartjies netjies gemonteer en aangebied							
<b>TOTAAL (÷ 16)</b>							



## BYLAAG 5



**ONTWERP**  
**INDIVIDUELE LEERDER SGA-DEKBLAD**

Leerder se eksamennummer: \_\_\_\_\_

Sentrumnummer: \_\_\_\_\_

**Skoolgebaseerde Assessering – Finale Punt/150**

Kontrolelys	SGA (100 punte)	Punt herlei tot:
	Gemeenskaplike Taak vir Assessering	/50
	Junie se Ontwerpteorie-eksamen	/10
	Rekordeksamen: Ontwerpteorie	/20
	Toetse (twee)	/20
	<b>TOTAAL</b>	<b>/100</b>
<b>JAARWERK EN UITSTALLING</b>		
	Praktiese 'Projek'	/30
	Ondersteunende Aanbiedingswerk	/10
	Werkboek	/40
	Finale aanbieding	/20
	<b>TOTAAL</b>	<b>/100</b>
	<b>GROOTTOTAAL</b>	<b>/150</b>

**LEERDER**

Ek, \_\_\_\_\_, verklaar dat die werk in hierdie portefeulje my eie, oorspronklike werk is. Ek het korrek na alle materiaal verwys wat vir my navorsing verkry is. Ek het nie geplagieer nie.

Leerder se handtekening: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

**ONDERWYSER**

Ek, \_\_\_\_\_, het die verwysings wat in die GTA aangehaal word, vir bewys van plagiaat gekontroleer.

ONDERWYSER SE HANDTEKENING: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

VAKGROEPHANDTEKENING: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

**ADDENDUM 6 TO BE ADDED**

IEB COPYRIGHT

## BYLAAG 7



**ONTWERP  
ONDERWYSERPORTEFEULJEDEKBLAD**

**VERLANGDE INHOUD VIR EKSTERNE MODERERING**

Skool:
Onderwyser se naam:
Vakgroepnaam/name van skole wat deel is van u vakgroep:

**AFDELING 1: ORGANISATORIESE ASPEKTE**

ITEM	BESKRYWING	MERK
1.	SGA-puntestate van verlangde SGA's in leerderportefeulje	
2.	SGA-spreitabel van ALLE punte gedurende die jaar toegeken	
3.	Rangordelys (gebaseer op totaal uit 100 uit Individuele SGA-portefeuljedekblad)	
4.	IEB-modereringseleksielys –onderteken deur– onderteken deur onderwyser en skoolhoof	
5.	Getekened nasienlyste vakgroep/interne moderators van gemodereerde praktiese werke (dit sluit Bylaag 10 in)	
6.	Ander – uitsluitingsbriewe of enige ander inligting wat aan Portefeuljemoderators oorgedra moet word	
7.	'n Digitale kopie van ALLE finale werk vir Vraestel 2 Ontwerp Prakties MOET in die onderwyserportefeulje ingesluit word/ aan die praktiese eksaminatore oorhandig word.	

**AFDELING 2: TAKE**

ITEM	BESKRYWING	MERK
1	GTA-assessering ( bewyse van rubriek nasien en moderering, toets vir plagiaat)	
2	Opstelopdragte/toetse en verwante assesseringsinstrumente (rubrieke en memoranda) Teorie-eksamen en memorandum	
3	Praktiese projekopdrag en assesseringsinstrumente	
4	Opdragte vir Aanbieding/Uitstalling/Vertoning en assesseringsinstrumente	
5		

Handtekening(e) van lede \_\_\_\_\_  
van u vakgroep:

Datum: \_\_\_\_\_

Streekmoderator se handtekening: \_\_\_\_\_

Datum: \_\_\_\_\_

Skoolhoof se handtekening: \_\_\_\_\_

Datum: \_\_\_\_\_

## BYLAAG 8



## ONTWERP

## SGA-LEERDERPORTEFEULJEVOLDOENINGSVORM

SKOOL/SENTRUMNO.: \_\_\_\_\_

LEERDER SE EKSAMENNO.: \_\_\_\_\_

		Ja	Nee
<b>Junie se Teorie-eksamen (10)</b>	Bewys van Junie se Teorievraestel		
	Bewys van billike en deeglike nasienwerk op Antwoordskrif		
	Akkurate herleiding op dekblad		
<b>Rekordeksamen: Teorie (10)</b>	Bewys van Rekordeksamen: Teorie		
	Bewys van billike en deeglike nasienwerk op Antwoordskrif		
	Akkurate herleiding op dekblad		
<b>Toetse (20)</b>	'n Minimum van twee toetse beskikbaar vir moderering		
	Toepaslike en relevante standaard		
	Akkurate herleiding op dekblad		
<b>Eksterne GTA (50)</b>	Verklaring van egtheid, onderteken en gedateer deur die leerder		
	GTA beskikbaar vir moderering		
	Toepaslike rubriek gebruik om die GTA-navorsing te evalueer		
	Akkurate assessering van die GTA		
	Bewys van 'n plagiaatkontrolering/plagiaat		
<b>Moderering</b>	Bewys van interne, eksterne en/of vakgroepmoderering		
<b>Egtheid</b>	Werkstukke en assessering van werk is eg (geen fotokopieë van rubrieke of opstelle word byvoorbeeld gebruik nie)		
<b>Totaal 100</b>			



## BYLAAG 9



**ONTWERP**  
**ONDERWYSERPORTEFEULJEVOLDOENINGSVORM**

SENTRUMNOMMER: \_\_\_\_\_

<b>Afdeling A – SGA Deurlopende Assessering</b>		Ja	Nee
<b>Organisatories</b>	Voltooide Onderwyserportefeuljedekblad		
	SGA-puntestate van verlangde SGA's (oorspronklike persentasies)		
	SGA-spreitabel van ALLE punte gedurende die jaar toegeken		
	Rangordelys (gebaseer op totaal/100 uit Individuele SGA-portefeuljedekblad)		
	Puntestate onderteken deur vakgroep/interne moderators van gemodereerde werke		
	IEB-modereringseleksielys – onderteken deur onderwyser en skoolhoof		
	IEB-streekportefeuljemodereringseleksielys – onderteken deur skoolhoof		
	Amptelike IEB-puntelys van ingesleutelde SGA-punte – onderteken deur onderwyser en skoolhoof		
	Amptelike IEB-puntelys van ingesleutelde GTA-punte – onderteken deur onderwyser en skoolhoof		
	Ander – uitsluitingsbriewe of enige ander inligting wat oorgedra moet word		
	Digitale kopie van ALLE finale werk vir Vraestel 2 Ontwerp Prakties		
<b>Eksterne GTA</b>	ALLE GTA's beskikbaar vir moderering		
	Verklaring van egtheid onderteken		
	Toepaslike rubriek gebruik om die PAT te evalueer		
	Akkurate en deeglike vlak van assessering		
	Bewys van waaksaamheid aangaande plagiaat; plagiaatkontrolerings beskikbaar		
<b>Toetse</b>	Minimum van twee toetse/opstelopdragte beskikbaar		
	Insluiting van verwante assesseringsinstrumente (roosters, rubrieke en memoranda)		
	Toetse is akademies streng en weerspieël die standaard en struktuur verlang		
<b>Junie se Teorie-eksamen</b>	Junie se Teorievraestel beskikbaar		
	Eksamen weerspieël die struktuur, styl, puntetoekenning en strengheid van die eindeksamen		
	Volledige memoranda voorsien, met inbegrip van rubrieke waar toepaslik		
<b>RekordTeorie-eksamen</b>	RekordTeorievraestel beskikbaar		
	Eksamen weerspieël die struktuur, styl, puntetoekenning en strengheid van die eindeksamen		
	Volledige memoranda voorsien, met inbegrip van rubrieke waar toepaslik		
<b>Praktiese Projek</b>	Taakblaai/Opdragte vir Praktiese Projek		
	Take duidelik uiteengesit met gedetailleerde assesseringsriglyne		
	Bewys van toepaslike en akkurate assessering		
	Bewys van moderering, intern, vakgroep of ekstern		
<b>Werkboek-punt</b>	Bewys van moderering, intern, vakgroep of ekstern		
<b>Aanbiedingswerk</b>	Bewys van moderering, intern, vakgroep of ekstern		
<b>Uitstallings-punt</b>	Opdrag ingesluit vir Aanbieding/Uitstalling/Vertoning		
	Toepaslike assesseringsinstrumente vir die Aanbieding		



**ADDENDUM 10 TO BE ADDED**

IEB COPYRIGHT